



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

DIE LEWÉ IS NIE VIR LAFAAARDS BESKORE NIE!

II TIM. 1:7, TIT. 1:16 EN OPENB. 21:8

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ✂ Christelike opvoeding
- ✂ Christelike Onderwys en
- ✂ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Spreekte 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

- Ds P Veen
Joël 2:13

1954 VERTALING: “En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; ...”.

1983 VERTALING: “Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe:...”.

Daar het ’n sprinkaanplaag gekom. Digte swarms het neergestryk in die onmiddellike omgewing van Jerusalem ... selfs in die stad het hulle gewemel in die strate. Dié vernielende volkie het so dig geswermd dat hulle as’t ware die son verduister het, asof swaar donderwolke laag oor die aarde gehang het. Soos ’n laag roet het hulle rondom die stad oor die berge gelê. ’n Groot leër van voetsoldate en perderuiters sou nie in so ’n kort tydjie soveel skade kon aanrig as wat hierdie diere in ’n ommesientjie aangerig het nie! Niks kon hulle stuit nie, meedoënloos het hulle in geslote rye die stad deurwemel en die huise ingeklouter. Hulle koms het angs ingeboesem in elke hart – want ’n sprinkaanplaag beteken vernieling van die oes, armoede en honger. Daarom het die mense hulle klere geskeur as ’n teken van rou. Onder mekaar het hulle gevra: “Waarmee het ons nou dít verdien?”, en dan die hande in smeekbede opgehef. Sou God kennis geneem het van hulle ellende? – en indien wel, waarom verjaag Hy dan nie eenvoudig al die sprinkane nie?

Joël erken in hierdie plaag ’n bestraffing, ’n oordeel, van God. Hy

is vrymagtig, en as die wyse en gestrenge Vader spaar Hy nie die roede wanneer Sy kinders opstandig en ongehoorsaam is nie.

Maar Joël volstaan nie met ’n verklaring alleen nie, hy wys ook die pad aan waarop die mense moet wandel. Eers dan kom die Woord wat deur die loop van die eeue sy betekenis behou het: “En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, ...”

Dit is heel maklik om in ’n wanhopige situasie jou kop te staan en kap, die vuiste te bal, jou smart op die mou te dra ... maar dit alles bly nuttelose en

- na bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

- ✂ Geref. Skole..... 2
- ✂ Bybelonderrig..... 4,10
- ✂ Pvt. Onderwys: Koste 6
- ✂ Personeel..... 12
- ✂ Christene kan..... 16
- ✂ †Linda Malan 22

Die pad na gereformeerde skole

Dis noodsaaklik en dis moontlik

As kerke met die gereformeerde belydenis in SA menslikerwys gesproke 'n toekoms wil hê, het dit hoog tyd geword om te sorg vir eie, gereformeerde skole waar elke vak vanuit Gods Woord belig en geleer word.

Dat dit moontlik is, is besig om bewys te word deur ARSO (Aksie Reformatoriese Skoolonderwys). En indien hierdie organisasie in die volgende paar jaar beskikking oor voldoende fondse kan kry, sal met die seën van die Here 'n paar groot stappe in die regte rigting geneem kan word.

ARSO bestaan al meer as twee dekades. Sy doel is om gereformeerde onderwys te bevorder. Vandag is daar 'n stuk of nege skole met in totaal meer as 'n duisend leerlinge wat op die een of ander manier in ARSO-verband besig is met skriftuurlike onderwys. Die jongste een is pas in Bethal geopen. Maar tientalle, eintlik nog honderde sulke laer- en hoërskole is nodig.

Die nege skole waarvan die grootste meer as 350 en die kleinste 'n dosyn leerlinge het, bewys dat dit vandag, ondanks alle teenstand en onsekerheid, moontlik is om sulke skole wet-tig tot stand te bring. Ook is hierdie skole die bewys daarvan dat onderwys van 'n goeie standaard, met vakke wat Skriftuurlik aangebied word, moontlik is.

Waarmee is die ARSO-mense, onder meer in samewerking met die VCHO, besig?

- Die samestelling en publikasie van Skriftuurlike vakinhoud en handboeke, per vak en per

graad, vir eers vir gr 1 tot en met gr 9. In totaal moet ongeveer 'n honderd vakinhoud met hul handboeke gepubliseer word.

- Voorbereidings om binnekort te kan begin met gereformeerde onderwysersopleiding.
- Bevordering van die stigting van eie, Skrifgetroue, ouerskole.

Waar staan die werk tans?

- 'n Oorkoepelende boekie as riglyn vir alle onderwys, **Dit is gereformeerde onderwys, is gepubliseer en beskikbaar.** Twee handboeke is by die drukker, 'n dosyn manuskripte is voltooi en word tans persklaar gemaak. Aan die einde van die jaar sal na verwagting nog twee dosyn manuskripte gereed wees om verwerk te word.
- **As die Here wil, sal reeds aanstaande jaar op klein skaal begin kan word om onderwysstudente te begelei om voluit Skriftuurlike onderwys te kan gee.** Daar is honderde en honderde sulke onderwysers nodig, want die ou geslag Christelike onderwysers is vinnig besig om af te tree, terwyl baie dit reeds gedoen het.
- Allerlei vorms van hulp is vir nuwe skole beskikbaar. **Maar ouers moet self die inisiatief neem om sulke skole te stig.** Want skole moet ouerskole wees. In die eerste instansie is dit ouers wat aan die doopvont die belofte afgelê het om hul kinders in die gereformeerde leer te onderwys en te laat onderwys.

- Rob van der Kooy
ARSO uitvoerende beampte

Maar dinge gaan te stadig. As ARSO teen die huidige pas aangaan, gaan dit nog 5-6 jaar neem voordat alle handboeke gereed is. Intussen word kinders op staatskole multigods-dienstig beïnvloed en word die onderwys wat hulle ontvang, al swakker. Eie skole, eie handboeke en besielde onderwyspersoneel word al dringender benodig.

Vanjaar was ARSO se begroting byna R150 000, alles gefinansier deur skenkings. Die begroting vir 2004 is R270 000 en sal prakties alles uit skenkings moet kom. Maar as alle handboeke reeds binne 2-3 jaar voltooi moet wees, en as nuwe skole ook finansiële gehelp moet word, is veel meer geld nodig.

Daarom 'n dringende oproep aan u.

- Kry plaaslik 'n paar mense bymekaar om 'n eie, voluit Skriftuurlike skool te stig.
 - En steun ARSO finansiële!
- Meer inligting is beskikbaar van ondergetekende, sel 083 300 3714, rvdkooy@mailbox.co.za, of Mari Kirsten, administratiewe beampte, Posbus 17338, Pretoria-Noord, 0116, arso@lantic.net.
- Skenkings kan oorbetal word aan ARSO, Absa Centurion 907 833 0959, takkode 63 04 45

- Die VCHO se pleidooi oor dekades heen, word opnuut gestu deur ARSO se poging. Hóór u iets, hiervan, geagte leser?

-Red



- van bl 1

leë gebare. Wanneer die ellende weer verby is word die wanhoopskrete heel gou vergeet, en dikwels is 'n mens skoon verbysterd dat jy in jou angs jouself so kon "laat gaan"! Weet u wat is nodig vir ons almal? Die skeur van die hart, daardie trotse, ontugtige hart hier binne in MY! Soms is hy so hard gebak soos 'n steen wat in 'n steenoond gebak is. Hierdie hart moet sag gemaak word, vermurwe word. Die offerande wat God behaag, is 'n gebroke gees. God versmaai geen verslae hart nie, maar Hy genees dit deur dit te vernuwe deur sy Heilige Gees.



Die verbond en geestelike herstel

KONGRESVERSLAG

(April 2003, Pretoria)

Onderwyssake is in die brandpunt die afgelope weke. In verskeie kringe heers daar kommer oor die impak van die nuwe onderwysbeleid rakende godsdiensonderrig en -beoefening in skole. Wat sal die impak hiervan op die geestelike lewe van elkeen betrokke wees? Tydens die Vereniging se kongres in Pretoria is gekyk na die pad van geestelike herstel.

Die verbondsverhouding tussen die Here en Sy kinders speel 'n belangrike rol in die Bybel. [Die verbond is egter nie net 'n mooi teologiese konsep nie, maar 'n lewensveranderende werklikheid vir kinders van die Here. Besprekings van die "verbondsvader", "verbondsmoeder" en "verbondsgesin" het baie stof tot nadenke by genoemde kongres opgelewer.](#)

In die Bybel word die Verbondsgod onder andere as Vader leer ken. God se Vaderskap leer aardse vaders watter rol hulle in die gesin en daarbuite moet speel. Dit behels byvoorbeeld dat die vader 'n geestelike verantwoordelikheid teenoor sy gesin het.

[Mnr Le Cornu, teologiese student - PU vir CHO](#) en inleier in die bertokke onderwerp, stel dit selfs nog sterker: "Dop die vader die toets in die huwelik en gesin, slaag hy ook nie in die kerk nie (1 Tim 3:1-5, Titus 1:6)." Verder is die verbondsvader ook 'n liefde-bediende vader, na die voorbeeld van ons Hemelse Vader.

Die verbondsmoeder het die belangrike taak om Godvresende kinders groot te maak. [Dr Horn \(Departement Primêreskoolonderwysersopleiding - UNISA\)](#) wys op die verskynsel van kind-gesentreerde gesinne waar kinders se behoeftes en begeertes altyd eerste gestel word. Kinders uit sulke gesinne kom later tot die ontnugterende ontdekking dat hulle nie die spil is waarom ander mense se lewens draai nie. Die gesagsordening wat die Here

neergelê het, stel dit egter dat Christus die hoof van die gesin is, dan volg die ouers en dan eers die kinders (vergelyk Ef 5:23 en 6:1-2).

Dr Horn sluit haar inleiding van die onderwerp met die volgende belangrike stelling af: "Die moeder is die hart van die gesin en dit is by haar waar die herstel van ons gesinne moet begin."

Die gesin is die kleinste maar sterkste eenheid wat bestaan, herinner [ds Van Heerden van die Vrye Gereformeerde Kerk, De Deur](#). Die verbondsgesin het 'n belangrike doel. Hulle is gesamentlik verantwoordelik vir die verheerliking van God. In die gemeenskap, skool en kerk moet die verbondsgesin hierdie een missie uitdra: die verheerliking van God op alle lewensterreine.

Daar is 'n bekende spreekwoord wat lui: Bloed is dikker as water. Dit word duidelik in die maniere waarop families mekaar kan ondersteun. [Ds Bester, hoof uitvoerende beampte van die VCHO](#), wys daarop hoeveel sterker die band van die bloed van die Lam van God Sy verbondsgesin aan Hom en aan mekaar bind.

In elke gemeenskap het God Sy verbondsgenote geplaas, soveel as wat Hy goedvind. Die uitdaging van die kongres aan die mense daar teenwoordig en aan elke ander christen kan met die volgende bewoording van ds Bester saamgevat word: "Die mens van God/verbondsgenoot vind sy vreugde daarin om God se wil te soek in Sy woord, en om dit nougeset te doen. Niks anders nie. Niks meer nie. Niks minder nie."

[Prof Raath, regsgeleerde verbonde aan die Universiteit Vrystaat](#), konfronteer die kongresgangers met die volgende stelling wat in sommige kringe gemaak word: "Vanweë die verval, ongehoorsaamheid en huidige krisis waarin die Afrikanervolk verkeer, gaan 'n positiewe uitsig op die verbond verlore, asook geloofs-

moed en hoop. Dit het in 'n sekere sin 'n hooplose kultuurgemeenskap tot gevolg."

In die groepsbesprekings wat volg, word terugverwys na die oorspronklike roeping van verskeie Europese volksgroeperinge na Suid-Afrika om God se Woord te versprei. Van hierdie oorspronklike roeping kom tans min te reg. Die Here het hier in Suid-Afrika 'n volk geplant met 'n roeping om Sy Woord te verkondig. Hierdie roeping moet steeds vandag uitgeleef word.

Prof Raath stel dit duidelik dat 'n volk nie die seën van die Here kan geniet op sy gebied waar die Here hom geplaas het as hy afwyk van sy verbondsverantwoordelikhede nie.

In die Bybel kan gesien word dat verbondsbloftes nie net geestelik is nie maar ook fisies, nie net van toepassing op individue nie, maar ook op gesinne en volke, herinner prof Raath. Die verbondsvolk het onder andere 'n missionêre taak, 'n kultiveringstaak en 'n taak ten opsigte van onderrig.

Daar word verskeie vrae in groepsverband bespreek. Onder ander die volgende: Wat is 'n volk se verbondspilg met betrekking tot die onderwys? Die groepe wys uit dat skoolonderrig 'n verlengstuk van 'n ouer se doopbelofte is en daarom behoort die skole aan die ouers en nie aan die staat nie.

Verder behoort die onderwyser sy/haar taak as 'n roeping te beskou en is moedertaalonderrig van kardinale belang.

[Dr Sampie van Vuuren, emeritus NG-leraar en gereelde kongresganger waarsku dat die samelewing 'n hoë prys sal betaal waar verbondsoopvoeding en onderwys teenoor mekaar staan.](#) Waar hierdie sake teenoor mekaar staan, word die verbondskind van sy Godgewilde emosionele geborgenheid en geloofsekerheid beroof. 'n Verwarde kind is eerder 'n las as 'n aanwinst vir die samelewing.

- Die kongres het gelowiges weer bewus gemaak van die volgende:
- Die kerk moet weer herinner word daaraan om die wonder van die verbond raak te sien: dat die Allerhoogste uit deernis met die sondaar Homself aan hom gebind het.
- Lidmate moet kerkrade aanspreek wanneer die verbondsoopvoeding van die kerk versuim word.
- Lidmate moet gelei word om te besef dat God se verbond 'n sterk oproep rig tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus as Verlosser, en dat die doop nie so 'n verhouding outomaties veronderstel nie.
- Gesinne moet geleer word om die roeping van die verbondsgesin te ken.
- Skoolonderwys staan in die verlengde van die verbondsoopvoeding in die ouerhuis.

Die verbondsverhouding met die Here is so kosbaar dat gelowiges werklik erns daarmee moet maak om dit meer te waardeer en beter te verstaan. In die lig hiervan het die kongresgangers voorgestel dat daar sterk gedink moet word aan 'n verstaanbare, massaverspreibare "werksboekie" vir verbondsgesinne van die VCHO se kant af. Herstel sal in 'n samelewing plaasvind waar vanuit die verbondsverhouding met die Here geleef word. Dit is die troos en die uitdaging aan elke Christen van vandag.

Volledige inligting rakende die kongres kan bekom word vanaf die VCHO-kantoor in Bloemfontein, tel 051-4489160, of faks 051-4484669. 

Bybelonderrig

grade 1 tot 12 nou op laserskyf

Die VCHO se Bybelonderrig-leerplan in Afrikaans, volledig met sillabusse vir die onderskeie grade, tesame met die begeleidende handleidings, kan nou op laserskyf van die kantoor bekom word teen 'n baie mededingende prys. (Tans word aan die Engelse weergawe gewerk, wat na verwagting teen Oktober/November 2003 gereed sal wees.) **Met hierdie produk word 'n nuwe fase in die Vereniging se diensgerigtheid aan ouers en onderwysers ingelei.**

Die graad 7-sillabus van hierdie leerplan is in 'n vorige uitgawe van ons tydskrif gepubliseer (dit kan steeds ook op die Vereniging se tuisblad, www.vcho.co.za, besigtig word), sodat voornemende gebruikers 'n beeld daarvan kan verkry.


Die Bybelonderrig-leerplan stel maksimale gebruikstoepassings daar, sodat dit vir gebruik tydens huisgodsdienste deur ouers, sowel as in die formele onderwys, geskik is. Die aansienlike voordeel wat gebied word, is dat 'n ouer en onderwyser oor al die basiese inligting beskik wat nodig is om van 'n aanbieding 'n sukses te maak. Al wat van die begeleier verwag word is om die stappe te volg soos wat dit in die voorgestelde lesuitleettings aangebied word. Die opvoedkundige beginsels is ook reeds deur die opstellers ingebou en daar kan dus met gerustheid aan die onderrigmetodiek gevolg gegee word.

Die leerplan is uit sillabusse vir grade 1 tot 12 opgebou, waarvan elke sillabus op 'n jaarbasis deurgewerk

kan word. Die basiese kennis waarvoor beskik behoort te word is in die leerplan vervat, maar voorsiening is ook daarvoor gemaak dat meer uitgebreide kennis oor voorgestelde temas opgedoen kan word. Voorts is die sillabus vir elke graad volgens die konsentriese metode van kurrikulering opgestel, sodat die opvoedkundige beginsel van herhaling en inskerping daarin geakkommodeer is, terwyl moeiliker en relevante leerstof wat by die ontwikkelingspeil van leerders aanpas, telkens bygevoeg is.

Ooreenkomstig ons belydenis dat die Bybel die onfeilbare Woord van God in sy geheel en in al sy dele is, is dit die begeerte van die Vereniging dat deur die beskikbaarstelling van hierdie vakmateriaal, dit deur ouer en onderwysers gebruik sal word om die kennis wat tot ewige saligheid dien, aan ons kinders te ontsluit. Hierdeur wil ook op konkrete wyse beslag gegee word aan 'n gekoesterde ideaal van die Vereniging, naamlik dat die Bybel weer die sentrale bron van kennis en gesag in ons ouerhuise en skole sal word.

Groot dank is aan gewaardeerde medewerkers aan hierdie projek verskuldig. Dit is almal vakkundiges in die veld van Bybelkennis in Suid-Afrika wat hieraan meegewerk het. Die leerplan geniet wye aanvaarding binne die gereformeerde familie van kerke en selfs ook daarbuite.

('n Evaluering van die leerplan deur mnr W Grönum, 'n oudskoolhoof, verskyn op bl. 10). 

BRIEWE VAN ONS LESERS


E van Niekerk van Oos-Londen skryf:

Waarde Heer,

Baie dankie vir u blad wat so pragtig vir onse wonderlike Koning opkom met almal wat daartoe bydra.

Dit is tragies dat my land so ver op die verkeerde pad afgedwaal het. Ons sal in Sy Woord moet veg en geweldig bid dat Sy eer in ons land herstel moet word.

Nogmaals my innige dank vir u goeie werk.

Ons bid vir u goeie werk wat gedoen word. 

Internet: 'uitstalvenster' in diens van ons roeping

By die adres www.vcho.co.za sal ons lesers 'n opgedateerde weergawe van ons tuisblad aantref. Daar sal u inligting oor 'n wye reeks van onderwerpe, wat 'n weerspieëling is van die sake wat op die werkterrein van die Vereniging figureer, vind. Insonderheid egter, bied dit aan lede en belangstellendes wat die konsekwent Christelik-gereformeerde lewens ingesteldheid huldig, 'n bron van inligting wat vir die uitlewing van 'n ooreenstemmende werklikheidsbeskouing van betekenis kan wees – so word vertrou.


Die ontwikkeling van 'n eie tuisblad is 'n ideaal wat sedert die negentigerjare gekoester word, waarmee die Vereniging poog om sy besondere boodskap op allerlei wyse – ook deur middel van die tegnologie – oor te dra. Hierdeur word 'n verdere bedieningsarm daargestel, waar gekonsentreerde inligting, wat volgens die Christelike lewensooruiging op die Woord van God gefundeer is, geredelik tot die beskikking van wie ook al daarvan gebruik wil maak,

gestel word. Ons glo dat daar in Suid-Afrika nog 'n behoefte aan hierdie kennis en inligting bestaan en dat daar nog Christen-ouers en onderwysers is wat hiervan gebruik sal wil maak.

Ooreenkomstig die beginselgrondslag – soos opgemerk sal word – vertoon die tuisblad in sy aanbieding die gees en toon wat hieruit (die grondslag) voortvloei, as 'n noodwendigheid. Daarmee wil gekonstateer word dat, volgens die standpunt wat sedert stigting van die Vereniging ingeneem is, by die **waarheidskennis** gebly wil word – kennis wat sy oorsprong van buite die mens, naamlik in God Drie-enig het, en as sodanig (h)erken word. Slegs in die lig van hierdie kennis (as openbaringskennis), kan die kennis wat deur mensewerk (onder die beskikking van die Gees van God) tot stand kom, beoordeel word – **1 Korintiërs 3:11**. Alle kennis wat die resultaat van menslike denkarbeid is, kan dus hoogstens voorlopig van aard en aan korrektiewe onderwerpe

gestempel word. Dit wat op die Vereniging se tuisblad besigtig kan word, word met hierdie uitgangspunt en in hierdie gesindheid aangebied, d.w.s. voorwaardelikheid.

Onder die gespesifiseerde temas waarop gebruikers kan ingaan, sal verbandhoudende inligting oor 'n verskeidenheid van onderwerpe wat op die subbladsye sal verskyn, met die dubbelklik van die 'muis' ontsluit en na keuse afgelaai kan word. Die bydraes wat u daar gerangskik sal vind is dié van gewaardeerde medewerkers van die Vereniging, aan wie graag erkenning verleen word.

Gebruikers van die VCHO-tuisblad word aangemoedig om enige wenke/kommentaar/ voorstelle ter verbetering aan die kantoor te stuur. Daar is ook die uitnodiging aan ouers en onderwysers dat, indien daar bepaalde sake is waarvoor u meer inligting sal wil bekom, u dit as 'n versoek aan die kantoor sal rig. Gereelde opdatering van die tuisblad sal van tyd tot tyd gedoen word en bydraes sal verwelkom word. 

Die Boerevrou, 1899 - 1902

Geskryf deur prof AWG Raath

Belangstellendes in hierdie gedenkbundel, wat 'n standaardwerk oor die vrou in die Anglo-Boereoorlog is, word deur die uitgewer daarop attent gemaak dat 'n beperkte hoeveelheid eksemplare van Deel 1 van die boek nog beskikbaar is. Hierdie is 'n uitnodiging aan almal wat nog eksemplare wil bekom, om dit sonder versuim te doen, aangesien die grootste gedeelte van die oplaag (bykans 75%) reeds verkoop is. Te oordeel aan die tempo waarteen die boek, sedert sy verskyning in Maart, verkoop het, word verwag dat die oorblywende eksemplare so vinnig opgeraap sal word, dat dit voor die einde van 2003 uitverkoop kan wees.

Die boek word in twee dele gedruk, waarvan Deel 1, die subtitel, "Moederleed", dra. Deel 1 handel oor die wedervaringe van die Boerevroue en -kinders kort na die uitbreek van die oorlog. Dit bied 'n uitbeelding van die brutale en onmenslike behan-

deling wat die vroue en kinders moes deurstaan, onderwyl van hulle geliefdes van die plase weggevoer is, en hulle voor die verwoesting en wreedheid van die vyand die wyk geneem het. Die blootstelling aan die elemente en ontberinge, was verkiesliker as om in die hand van die vyand te beland.

Die subtitel van Deel 2 is "Kampsmarte", waarin die intense lyding van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe uitgebeeld word. Dit is daárdie omstandighede wat tot die dood van 26 000 vroue en kinders gelei het en die skrywer in die slothoofstuk daartoe bring om die vraag te behandel: "Was dit 'moordkampe'?" Deel 2 sal na veragting later in die jaar, nader aan Desember, verskyn.

Die gedenkbundel bevat gedokumenteerde feite, waarvan ongeveer 95% van die inhoud nog nie vantevore gepubliseer is nie, en is ryk aan

illustriemateriaal, waaronder talle foto's waarvan die meeste óók vir die eerste keer gepubliseer word.

Bestellings/ navrae kan aan enigeen van die volgende persone gerig word:

AWG Raath, tel 051 401 2620 (w); 051 446 1388 (h) [Faks 051 430 2433]


HJ Hayes, tel 051 448 9160 (w); 051 446 2615 (h) [Faks 051 4484669]

R Lombard (Vrouekomitee), tel 051 522 5619

T Joubert (Dames Perspektief), 051 522 2938 [Faks 051 522 5045]

H van der Wateren, tel 014 717 3649 of 014 717 3264 [Faks 014 7173649]

L van den Berg (Vrouekomitee), tel 012 543 2257 [Faks 012 543 2257]

Die prys is R500 vir altwee dele of R260, indien slegs Deel 1 aangekoop word. 

KOSTE VAN PRIVAATONDERWYS

- Leendert van Oostrum

Ek verwys na Zelda Jongbloed se artikel "Só raak onderwys toeganklik vir almal", in Rapport van 22 Junie 2003.

Jongbloed noem 'n lys van privaatskole en hul peperduur fooie en maak dan die gevolgtrekking "Bogenoemde skole is voorbeelde van die privatisering van onderwys wat van onderwys in hierdie sektor 'n eksklusiwiteit gegronde op die sterkte van die beursie maak."

Haar bron is 'n publikasie van 'n organisasie wat sommige van die meer eksklusiewe skole verteenwoordig, maar selfs in daardie publikasie moes sy ook baie privaatskole gevind het wat veel laer fooie vra as die R18 000 wat die laagste fooi is wat sy aangee.

As Jongbloed werklik haar gevolgtrekking wou verantwoord, sou sy egter ook wyer navraag gedoen het. Dan sou sy dosyne privaatskole gevind het wat minder as R6 000 per jaar vra. As sy dit sou vergelyk met baie van die voormalige Model-C skole sou sy vind dat daar baie staatskole is wat duurder is as baie privaatskole.

As Jongbloed werklik die bedoeling gehad het om in te lig liever as om te indoktrineer kon sy ook navraag gedoen het na die koste van tuisonderwys as vorm van privaatonderwys. Dan sou sy gevind het dat baie gesinne uitstekende onderwys aan hul kinders verskaf vir R600 per jaar of selfs minder.

Trouens, die Pestalozzi Trust ontvang dikwels navrae van ouers wat tuisonderwys oorweeg omdat hulle nie die fooie van die beskikbare staatskole kan bekostig nie.

Al hierdie inligting is maklik beskikbaar. 'n Mens kan net aflei dat Jongbloed se artikel nie ten doel het om in te lig nie, maar om 'n ideologiese standpunt te verkondig met behulp van selektiewe feite.

In daardie opsig kom haar artikel volkome ooreen met Mnr Asmal se beleidsrigtings, maar Mnr Asmal self is ook op rekord dat hy in beginsel gekant is teen alle vorme van privaatonderwys.



GODSDIENSBELEID IN DIE ONDERWYS

- Leendert van Oostrum

Tuisonderwys geteiken vir spesiale aandag!

Dit blyk dat ons ontleding van media-berigte, in die konteks van verwikkelinge in provinsies, oorwegend korrek was.

Dit blyk inderdaad, soos ons afgelei het, dat die beplande taakmag hoofsaaklik op tuisonderwys gemik sal wees en dat die samewerking van alle regeringsorganisasies sowel as die burgerlike samelewing versoek sal word om te help met die opspoor en vervolging van die ouers wat as skuldig beskou word.

Die bekende Pretoriase Baptistepredikant Nico van der Walt sê in 'n radio-onderhoud van die beoogde beleid: "Die Apostel Petrus was bereid om vir minder as dit tronk toe te gaan".

Die beleid bepaal onder andere:

a) Alle kinders in staatskole, privaatskole en tuisonderwys sal verplig word om onderrig oor godsdienste vanuit 'n "neutrale" perspektief te ontvang.

b) Die nodige leerprogramme, leer-materiaal en assesseringsinstrumente sal sentraal deur die nasionale onderwysdepartement ontwikkel word.

c) Die materiaal moet deur spesiaal opgeleide politieke kommissarisse aangebied word. (Die konsepdokument gebruik natuurlik die eufimisme "onderwysers" vir "politieke kommissarisse" maar wys nietemin daarop dat "onderwysers" volgens die onderwysowerheid amptelik ook 'n rol as "pastors" vervul.)

Vir honderdduisende Suid-Afrikaners van verskeie oortuigings staan die vereiste dat die onderrig vanuit 'n sogenaamde "neutrale" perspektief aangebied moet word gelyk aan godslastering. Baie van hulle argumenteer dat 'n "neutrale" of "areligieuse" perspektief op godsdienste in der waarheid self 'n godsdienstige perspektief behels.

Sulke mense bevind hulle in die posisie dat hulle gedwing word om te kies tussen gehoorsaamheid aan God en gehoorsaamheid aan die owerheid.

Baie mense van verskillende gelowe en veral fenomenologies ingestelde godsdienstwetenskaplikes, teoloë uit die nuwe hervorming en ander sal waarskynlik nie beswaar hê teen hierdie aspek van die beleid nie. Ek vind egter dat baie van hierdie mense tog kan insien dat die bedreiging van die godsdienstvryheid van ander in beginsel ook hul eie gewetensvryheid bedreig en dat hulle voel dat die

beleid teengestaan moet word om die grondwet te beskerm.

Ek persoonlik reken dat die optrede van die Onderwysminister doelbewus daarop gemik is om revolusionêre konflik aan te blaas deur onrus te stook onder sommige van die mees vredeliewende groepe in die bevolking.

Dit is dan ook opmerklik dat die dokumente gepos is die dag voordat die skole vir die vakansie gesluit het en dat die dag wat die skole weer begin ook die sluitingsdatum vir kommentaar is.

Die volledige konsepdokument en 'n bietjie voorlopige kommentaar kan gelees word by www.pestalozzi.org.

Tersaaklike uittreksels van die Onderwysdepartement se webblad van Feb 2003:

FIRST COUNCIL OF EDUCATION MINISTERS' MEETING IN 2003

A meeting of the Council of Education Ministers (CEM) was held in Cape Town today, which was attended by MEC's for Education and their respective Heads of Department.

The following were some of the matters discussed at the meeting, and conclusions reached.

Opening remarks

In his opening remarks the Minister made reference to the plight of "children in distress", including street children, children affected by HIV and AIDS, and others at risk for any other reason. He emphasised the need for education to respond positively to the call by the President for a comprehensive Social Security System, and for trained Community Development workers to assist communities.

On the matter of home schooling, reports from provinces indicated that there were few systems in place to manage the provision of home education. Strict Norms and Standards are provided to govern the situation, and the Minister therefore appealed to provincial authorities to deal more rigorously with the provision of home schooling, so that these were registered and effectively monitored, to ensure compliance with the national curriculum and applicable regulations. Where necessary, parents could be prosecuted for failing to comply with the requirements.

Management of truancy in schools

The MEC for Education in KwaZulu Natal, Professor Gabriel Ndabandaba, presented a discussion paper on this matter of concern. The report recognises that many children of school going age, especially street children, are not attending schools, for various reasons. One of these is that some are in prisons, and not participating in the educational programmes in these institutions.

Problems of poverty, abuse and distance from schools were also cited as problems, as well as the illegal withholding of reports by schools. The Council approved a recommendation by the MEC that a comprehensive management plan be devised to cope with the matter, and that a national Task Team be established. At the same time, it was agreed that tough disciplinary action should be taken against parents who wilfully violate the laws on school attendance, and that all agencies and departments of government, together with representatives of civil society, should cooperate in this.



LESINGS:

BYBELPROFESIEË OOR DIE EINDTYD

Dr Jannie Malan, bekende oud-leraar van die gemeente Aasvoël-kop in Johannesburg en 'n vorige moderator van die Suid-Transvaal se Sinode, het sedert verlede jaar 'n hele paar gemeentes besoek om 'n reeks lesings aan te bied oor bogenoemde onderwerp.

Die reeks van vyf lesings word aangebied deur middel van 'n rekenaar-gekoppelde projektor op 'n groot skerm, wat heelyd die gehoor boei. Dit is reeds in etlike gemeentes met groot belangstelling ontvang omdat dit nuwe perspektiewe open oor 'n belangrike onderwerp waarvoor nie dikwels gehandel word nie.

Verlede jaar is 'n paar gemeentes in Transvaal versoek, en daarna Swellendam, Stilbaai en Calitzdorp. Sedert die begin van hierdie jaar was Stellenbosch-Noord, Onrusrivier en Welgemoed-gemeente in Belville aan die beurt, waar oral groot waarderende gehore dit bygewoon het.

Gemeentes wat belangstel kan dr Malan bereik by 082 388 6444 of (012) 996 0159.

HARRY POTTER EN STONEHENGE

- Slabbert le Cornu

In Beeld van 20 Junie 2003, bl.3 is berig dat die nuutste Harry Potter boek, deur die Britse skryfster JK Rowling, genaamd *Harry Potter and the Order of the Phoenix*, op 21 Junie bekendgestel sou word. Die skryfster het klaarblyklik spesifieke redes gehad waarom die boek nie voor 21 Junie wêreldwyd bekendgestel en verkoop moes word nie.

Ons kan net spekuleer waarom dié datum vir die skryfster so belangrik is. In dieselfde Beeld-uitgawe verskyn 'n argieffoto - geneem op 21 Junie 2001- waar 'n feesganger by Stonehenge in Wiltshire die son op die dag van die sonstilstand 'groet'. Ongeloof en hekserie neem toe in Brittanje, het kenners aan die vooraand van dié somer se grootste heidenfees by Stonehenge, gesê. By Stonehenge word die sonstilstand al duisende jare deur ongewoone gevier.

Sou dit maar net blote toeval wees dat die skryfster dié datum kies? Sou dit ook maar net 'toeval' wees dat 'n rekordgetal mense, en veral kinders die fees bywoon en die boek koop? [dit gee opnuut betekenis aan Matt.7:9,10].

En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke – 2Kor.11:14, 15.

Calvyn skryf in sy kommentaar oor hierdie verse, dat die Satan eers 'n bedekking daarstel, of 'n strik daarstel vir mense om in te val, voor hy sy horings begin wys.

Ons is almal deur groot debatte wat in die verlede gevoer is oor die berugte Potter towery-storieboeke. Ek bedoel, 'ten minste lees die kinders darem iets!' is die redenasie van baie ouers en onderwysers [en moet ek ongelukkig byvoeg...dominees].

Dwarsdeur die Skrif beveel God, ja, beveel God ons dat ons ons nie moet ophou met enige vorm van hekserie, towery en duiwels nie, ook nie hul wat onder die dekmantel hul as 'n 'engel van die lig' voorhou nie.

Laat ons dus die advies van Paulus ernstig opneem: "en gee aan die duiwel geen plek nie ... en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer". (Ef.4:27; 5:11).

[verkort.Red.]



TOTIUS

50 JAAR VERLOOP SEDERT SY AFSTERWE

(Uit 'n artikel in die Kerkblad: Augustus 2003, geskryf deur Dr VE d'Assonville (snr)).
(Uittreksel oorgeneem met dank)

SKRIFGESAG IN DIE PREDIKING

Die eerste groot arbeidsterrein wat dr. JD du Toit in 1903 betree het, was sy *prediking*, sy bediening van die Woord in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom. Honderde preke van hom is vir jare lank oor die hele Wes-Transvaal en ook in baie gemeentes oor ons land gehoor en gelukkig besit ons nog baie van hierdie preke. Daarby is daar nog 180 gepubliseerde preke - 88 uit die Ou Testament en 92 uit die Nuwe Testament.

In al hierdie preke is daar 'n oorheersende tema: dis *Skrifprediking*. Op die vraag wat vir Totius die kortste definisie van 'n preek is, antwoord hy met oortuiging: *Skrifverklaring!* "Skrifverklaring is in my oog die belangrikste en beste prediking, veral in ons tyd; ek beskou dit in die besonder as die beste en sekerste middel vir ons jongmense om te leer preek," sê hy in 1916 aan sy studente. "In die huis van God die Woord van God," roep hy uit. "Die gemeente van God moet met niks anders as met die kennis van die wil van God gevoed word nie, en hierdie beginsel kom eers tot sy reg as alle eiewillige godsdiens uitgeban en die Skrif self weer die inhoud van die prediking is."

Alle eiewillige godsdiens in die preke uitban! Totius kry nie klaar om dit voortdurend te beklemtoon nie. Die appèl op die gewetes van die predikers is skerp: hy stel dit duidelik "dat die prediker van die Woord die ganse grote, ryke Woord van God aan die gemeente moet uitbring en sy eie wysheid agterweë moet laat ... Wat die verklaring aanbetref - jy moet by jou teks bly, jy moet indring in die gedagte van die Heilige Gees meer as in jou eie gedagte." Geen vrye wil in die prediking nie, maar alleen die Woord van God! Aanhoudend is dit Totius se weroep: "Laat ons bedink dat hier 'n groot beginsel in die spel is. Dis nie maar 'n kwessie van 'n goeie of minder goeie manier om dit te doen nie; nee, maar die vraag is hier: Sal ons aan God gehoorsaam wees of ons eie vrye wil volg?"

Godsdiensonderrig in die branding

- H J Hayes

Godsdiensonderrig op skool is vir etlike jare al in onsekerheid gedompel, sedert die nuwe onderwysbeveling, genaamd Kurrikulum 2005, in openbare skole ingevoer is. Uit die staanspoor was een ding egter duidelik, naamlik dat in openbare skole waar vantevore nog die Christelike godsdiens as die enigste erken en beoefen was, hierdie stand van sake, vanweë die aanvaarding en invoering van 'n nuwe onderwysbeveling, spoedig opgehef sou word. Die uitrangering van die Christelike godsdiens uit Amerikaanse skole, het vir dáárdie samelewing uiters wrange nagevolge ingehou, wat geslagte lank al voortduur, en waarom sou dit vir Suid-Afrika anders wees?

Daar is weliswaar baie begrip vir moedige pogings deur kerke en die onderwysgemeenskap om te verseker dat êrens in die skoolprogram daar nog iets van godsdiensonderrig teregkom. Ouers en onderwysers besef met 'n beklemming in die hart dat, indien daar met godsdiensonderrig in die skole weggedoen sou word, die skrif aan die muur sou wees. Daarom dat daar na alle moontlike middele gegryp is om die aanvanklike toegewing van 40 minute uit 'n ongeveer 1 500 minute (d.w.s. slegs 2,7% of dalk minder, van die beskikbare skoolweek) te probeer bestendig. Die implikasie was egter dat **vir onontbeerlike en lewensnoodsaaklike opvoeding die minimumvoorsiening** getref word. Die bedoeling is duidelik: die invloed van die Christelike godsdiens in die skool moet beperk of uitgeskakel word, omdat die God van die Bybel nie erken word nie.

Die veranderde omstandighede wat deur 'n multigodsdiensbeleid en 'n nuut gefabriseerde godsdiens, te wete intergeloof, in die onderwys teweeggebring is en word, is trouens onafwendbaar. Die idee dat 'n bestel vir die gelykwaardige aanbidding en erkenning van 'n veelgodedom tot stand gebring word, is vir die oningeligte persoon gerusstellend en

utopies, sonder dat oor die gevolge nagedink word. Om die enige en ware God in so 'n bedeling te wil indink is 'n onmoontlikheid, in die lig van Skrifuitsprake (Jesaja 46: 5 as voorbeeld). In die tyd van die Griekse godeverering, het die wispelturigheid van daardie gode dikwels tot wraak oor die bevreesde aanbidders (in hulle godsdiensbetrewing van sake) gelei. In ons tyd is dit die gevaar dat die akkommodering van 'n veelgodedom, óók en veral sover dit die onderwys betref, 'n toestand voortbring wat hom op die samelewing mag wreek. Begin ons moontlik al die gevolge in Suid-Afrika waarneem?

Die geweldig ingrypende verskuiwing wat deur die invoering van multigodsdiens in die Suid-Afrikaanse samelewing ingetree het, word nie allerweë reg begryp en ingesien nie. Die wanpersepsie mag bestaan dat, hoe meer gode, hoe meer godsdiensbetrewing en verdraagsaam 'n samelewing. Dit moet as 'n oorvereenvoudiging van 'n probleem wat baie meer gekompliseerd as dit is, afgemaak word, indien dit dan nie misleiding is nie. Protagoniste se argument dat daar op hierdie wyse 'n nuwe spiritualiteit gevestig word, bevorder hoogstens die New Age-oogmerke, maar kan in geen enkele opsig tot 'n verchristeliking van die samelewing bydra nie. Ten aansien van die onderwys (om maar 'n tersaaklike lewensterrein uit te sonder) het die heersende godsdiensbeleid verreikende implikasies. Die indruk dat owerheidsbeleid (gesag) die gesag van die Woord van God oorstyg, word in toenemende mate deur beleidsuitsprake oor godsdiensonderrig versterk. Uitoefening van hierdie beleid het die Christelike godsdiens eers van 'n sentrale posisie in die openbare onderwys, gemarginaliseer na net een van 'n veelheid van godsdiensbetrewing met gelyke status, waarop boonop beperkinge geplaas word (soos in voorgestelde onderwyswetgewing beliggaam). Daarna begin dit stelselmatig oorgaan in beleid wat op die

onderdrukking daarvan in die onderwys gerig is. 'n Al hoe duideliker wordende strategie kom hierin na vore.

Toe dit in 'n vorige beleidsverklaring deurskemer dat enkelgeloof godsdiensonderrig/-beoefening van die formele onderwys geskei wil word, het dit heftige reaksie tot gevolg gehad, omdat dit daarop sou neerkom dat met die Christelike godsdiens in skole weggedoen word. Dit is nie net die gereformeerde-Christelike gemeenskappe wat daarteen in opstand gekom het nie; ander denominasies het die bedreiging as net so wesenlik ervaar. Voorgestelde beleid oor godsdiens in die onderwys is daarna op 23 Junie in die *Staatskoerant* gepubliseer en alhoewel was daar ván die kommentatore wat hulle tevredenheid uitgespreek het (net soos in die geval van die destydse 2,7%-toegewing). Die onderwysgemeenskap is nou weereens gerusgestel dat daar nie met hierdie grondwetlik-verskanste reg ingemeng sal word nie.

Wat is die werklike toedrag van sake? Onderwyskenners is ondermeer hieroor geraadpleeg. Uit die mededelings van persone wat 'n deeglike studie van die onderwysbeleid gedoen het, moet die afleiding gemaak word dat daar glad nie rede vir optimisme bestaan nie:

1. Die voorstelle, wat vir slegs 25-daelange kommentaar met die skoolvakansie saamgeval het, is op 'n baie ongeleë tyd bekendgemaak, toe baie met vakansie vertrek het. Talle belanghebbendes is daardeur die geleentheid ontnem om 'n deeglike studie daarvan te maak. Van konsultasie, waarop die onderwysowerheid hom so gereeld beoefen, het daar in die omstandighede weinig tereggekome.
2. Slegs kosmetiese veranderinge is aangebring, sonder dat daar aan doeltreffende oplossings vir die werklike knelpunte aandag gegee is. Die bepaling, byvoorbeeld, wat daarop gerig is om enkelgeloof-godsdiensbeoefening van die formele onderwys te skei, dus

uit die skoolprogram te haal (een van die groot knelpunte), word uitgebrei, deur dit in meer besonderhede te beskryf. Wanneer die beleidsverklaring (23 Junie) in samehang met reeds gepromulgeerde beleidsdokumente geïnterpreteer word (par. 17 van die voorstelle) sal die voorgestelde beleid beslis 'n invloed uitoefen op fasette van die leermateriale, -inhoude en assessering, wat die ondermyning (-drukking) van die godsdienstige in byvoorbeeld kuns en kultuur tot gevolg sal hê, om maar een area te noem, wat ernstige benadeling vir die beleving van godsdiens in die Afrikaanse kultuur inhou.

3. Hoewel dit deur die minister ontken word, bly multigodsdiens die enigste godsdiens wat in openbare skole toegelaat word, wat bepalend vir die godsdiensonderrig en -beoefening sal wees, en verskans dit nog steeds die afdwinging van die vak "Religie-opvoeding". Dit behels nie "blote tegniese oordrag van feitelike inligting" oor ander godsdiens as die eie nie, maar verplig die aanleer van gedragspatrone en waardes soos deur die staat voorgeskryf. Daardeur word 'n klimaat vir konflik in die klas-kamer geskep.

Die slotsom waartoe geraak word, is dat 'n godsdiensstryd in toenemende mate na die terrein van die onderwys geneem word, waar kinders nie meer onderwys in die ware sin van die woord sal ontvang nie, maar vir revolutionêre oogmerke opgeoffer word.

BOEKE - DIE IDEALE KERSGESKENK

Naam:

Adres:

.....

.....

.....

Telefoonno:

Bestelling bedrag: R.....

Posgeld en hanteringskoste R.....

Bedrag ingesluit (tjeks uitmaak aan VCHO): R.....

Bankbesonderhede van VCHO:
 ABSA, Maitlandstraat-Wes
 Takkode: 334 134
 Rekening no: 470 910 011
 Rekening naam: VCHO
 Faks deposito strokie aan: 051-4484669

Net 'n Loot

Johannes 15:5 "Ek is die wynstok, julle die lote."

Dis enkel 'n lootjie klein, 'n lootjie nietig en swak, maar al is ek stom, kan 'n boodskap kom selfs van die kleinste tak.

Ek is maar 'n lootjie teer en leef nie uit eie krag, want die sap wat stil deur die rankies vloei, gee die wingerdstok sy prag.

In myself is daar geen krag, tot vrugdra nie bereid, maar waar ek deel van die Wynstok is, deel ek Sy vrugbaarheid.

Ora u hoe ek daár vertoef, hoe ek lewe daár verkry? Ek is vas aan die Stam deur 'n lewensband en hoef slegs daarin te bly.

Waar ek uit die Wynstok spruit, waar my eerste botsel was, is ek nog deur die jare ingeplant hou die Stam my aldeer vas.

Ek vrees ook die toekoms nie en wat was, kwel my nie meer, want die Bron wat my elke oomblik voed, begeef my nimmermeer.

Ek baai in die sonnegloed wat my vrug sy soetheid gee, dog die trosse is nie myne nie, hul sap deel die wortel mee.

Dis 'n lewe nie van my, maar 'n ander s'n in my, wat die boodskap bring van 'n lootjie teer 'n boodskap vir u en my.

O Worstel dan nie om te bly, laat "vrugdra" u nie vermoei, wees een met Jesus en vrug sal volg, uit die wortel sal dit groei.

Eenvoudig en diep en sterk sal u eenheid met Hom word, so sal Sy lewe uwe wees, word Sy liefde u ingestort.

Dan vul Sy liefde u hart, as vrug van die Heilige Gees en vir ewig bied Sy liefhart 'n rusplek aan u gees.

Freda Hanbury

WAT DINK U VAN U LERAAR?

Lappies (Jan) Labuschagne

Kry u die leraar jammer? Hy bedoel dit tog goed.

'n Mens hoor maar altyd die aanmerkings wat oor hom gemaak word, soos byvoorbeeld: "Hy preek te lank!" Of "Hy praat te hard, en dan te sag!" "Hy het die siekes nie besoek nie." "Hy het daardie een of hierdie een nie gegroet nie."

So is daar maar altyd aanmerkings wat gemaak word. Vergeet ons nie dalk dat hy ook maar net 'n mens is en dat ons dalk te veel van hom verwag nie?

Dan is daar diegene wat altoos wil weet wat die dominee se salaris en voordele is, terwyl hulle in dieselfde asem rande en rande aan 'n prokureur sal gee om hulle saak te behartig!

'n Ouderling vertel dat hy en sy leraar gaan huisbesoek doen het. Toe die twee by 'n skuurpaal ('n paal waarteen beeste hulle gewoonlik skuur) verbyloop, haal die dominee beleefd sy hoed af en groet die skuurpaal! "En nou?" vra die ouderling.

Die dominee glimlag en antwoord: "Daardie skuurpaal is my kollega, broer! Die lidmate het baie keer die behoefte om hulleself teen iets of iemand te skuur, dan moet die dominee instaan as skuurpaal!"

Die verskil in hierdie opsig tussen die dominee en 'n prokureur is die volgende: Die prokureur sal toelaat dat hy as skuurpaal gebruik word, solank jou hand oop is, maar die dominee moet maar geduldig toelaat dat hy as skuurpaal gebruik word wanneer, en vir so lank lidmate dit wil doen!

Kalenderplasing van Paasfees

Sedert die Middeleue vier die Christelike kerk Paasfees op die eerste Sondag ná volmaan ná 21 Maart (= dag-en-nage-wening oftewel ekwinoks). Goeie Vrydag val op die Vrydag voorafgaande aan genoemde Sondag, ongeag of volmaan tussen Vrydag en Sondag val.

Daar was 'n lang stryd oor die plasing van Paasfees. Die Joodse Paasfees val op 14 Nisan (dit wil sê ongeag die weekdag). Aanvanklik het die kerk die Joodse datering gevolg, veral omdat Jesus op 14 Nisan gesterf het. Later het die Westerse kerk begin om Paasfees op 'n Sondag te vier. Dit lei teen ongeveer 200 nC selfs tot 'n breuk tussen die Westerse en Oosterse kerke. Die Konsilie van Nicea (waar Westerse en Oosterse kerke saamgekom het) het egter ten gunste van die Westerse beginsel gekies. Dit beteken onder andere dat die primêre fokus in Paasfees vanaf die sterwe na die opstanding van Christus verskuif het.

RESENSIE: VCHO-BYBELONDERRIG GRAAD 1 TOT 12

- W. Grönum

1. Inleidend

Hierdie sillabus vir Bybelonderrig is die pennevrug van 'n groep kundiges uit Bybelonderrigkringe, verteenwoordigend uit die Afrikaanse en Engelse kerke.

Die inkleding is op gedifferensieerde grondslag en afgestem vir skool en huisgodsdienst vanaf graad 1 tot 12.

Kenmerke

- Geldige opvoedkundige beginsels is toegepas in die opstel van die sillabus;
- Die ontwikkelingsvlak van die leerder is in berekening geneem by die aanbod van die leerstof;
- Gedifferensieerde leeruitkomst, van die sillabus, skep ruimte vir individuele leervermoëns.

2. Inkleding

Die Ou en Nuwe Testamente is in modules opgedeel waarvan modules uit sowel die Ou as Nuwe Testamente in 'n graad(jaar) afgehandel moet word.

Die werkverdeling is Tematies-Chronologies aangebied, m.a.w. 'n tema uit 'n tydvak soos dit manifesteer in die Bybel.

Vir elke graad en fase van die skoolastiese verloop is daar, behalwe die breë sillabus ook volledig uitgewerkte lesse.

3. Lesinhoud

Elke les is voorsien van:

- 3.1 'n Inleiding en agtergrond
- 3.2 Die Tema (Onderwerp)
 - 3.2.1 Die Doelwit
 - 3.2.2 Riglyne uit die lesinhoudHierdie lesinhoud is kripties dog volledig (sonder om afbreuk te doen aan die essensie daarvan) daargestel. Dit moet onthou word dat die Bybel deurgaans die kernbron vir die leerinhoud is – daarom die teksverwysings.
- 3.3 Die Kernteks (vir memorisering)
- 3.4 Bronne
- 3.5 Onderrighulpmiddels
- 3.6 Samevatting
- 3.7 Werkopdrag / Evaluering

4. Progressie

Met die ryppwordingsproses van die leerlinge word die leerstof algaande aangepas om meer uitdagend in moeilikheidsgraad te word.

5. Resensie

Die volledige stel uitgewerkte lesse spreek van deeglikheid in navorsing, kennis van die kind, bevatlikheid en bronmateriaal.

Graag sou die volgende aspekte onder die skrywers se aandag gebring wil word:

- Dat met die aanvang van elk les die betrokke hoofstuk van die Bybel, waaroor die stuk handel, aangedui moes word. – M.a.w. dat langs die Titel / Tema van die les ook al die hoofstukke aangebring moes wees
- Dat 'n bronnelys vir gebruik deur die onderwyser (biblioteek) aangebring moes gewees het

Hierdie volledige sillabus word baie sterk aanbeveel in die lig van:

- Die Skriftuurlike verankertheid
- Die volledige uiteensetting van die werk
- Die leerlinggeoriënteerdheid daarvan, en
- Die praktiese gebruikswaarde daarvan vir skool, kerk en huisonderrig.

Potchefstroom
19 Junie 2000



Bestelvorm vir Bybelonderrig-laserskyf

Prys: R90-00 plus posgeld

Mnr/Mev/Dr/Prof

Adres:

Poskode

**Pos na: Die VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein 9300,
of skakel tel. 051-448-4464/9160, dr Hoffman**



'n Mooi Gebed

Ek het die Vader gevra om my gewoonte weg te neem.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Ek sal dit nie wegneem nie . . . jy moet dit kruisig."

Ek het die Vader gevra om my gebroke en gestremde kind heel te maak.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Sy Gees is reeds heel in Christus, sy liggaam is net 'n tydelike verblyf."

Ek het die Vader gevra om my geduld te gee.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Geduld is 'n nuweprodukt van beproewinge, dit word nie gegee nie maar word aangeleer."

Ek het die Vader gevra om my blydschap te gee.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Ek gee jou al My seëninge vry, jy moet dit in ontvangs neem en self daaroor opgewonde en bly word!"

Ek het die Vader gevra om my van my pyn te verlos.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Lyding trek jou weg uit die dampkring van aardse nietighede en bring jou nader aan My."

Ek het die Vader gevra om my gees te laat groei.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"Jy moet self groei in die krag van die Wynstok, maar Ek sal jou snoei sodat jy meer vrugte kan dra."

Ek het die Vader gevra vir al dinge wat ek nodig het om die lewe te geniet.

Hy antwoord toe nee, want . . .

"EK gee jou die lewe, sodat jy van daaruit, alle dinge kan geniet."

Ek het die Vader gevra om my te help om andere lief te hê - netsoos

Hy vir my liefhet.

Hy antwoord toe . . .

"Nou het jy uiteindelik My hart se klop ontdek!"

VCHO STUDIESTUKKE EN BOEKE

Ekonomie

Geld, gawes, resessies en depressies - Jooste, U R5

Goud en silwer - Jooste, U R5

Etiek

Aborsie: Geboortebepערking of moord (Studiestuk)

- Lategan, LOK R5

Genadedood of dood sonder genade (Studiestuk)

- Lategan, LOK R10

Evolusionisme

Die Evolusionisme - Knelpunte ontbloot - Strauss, DFM R5

Godsdiens

Die Kategismus - Tamas en Skemas - De Klerk, JJ R15

Kerklike dienswerk -

- De Klerk, JJ R5

Christelike tekens en simbole - Hugo, GJ R5

Die lydende Christus - Kock, FA R15

Reformasie in ootmoed - Gedenkbundel P de B Kock

- Smit, Strauss, Strauss R20

Die Gees werk soos Hy wil (Studiestuk) - Strauss, PJ R10

Eksemplaries, Heilshistories - voortsetting van 'n onvoltooide gesprek - Strydom, MC R15

Groot waarhede van ons geloof - Venter, EA R10

Groot waarhede van ons geloof - Venter, EA R10

Juridies

Pro Lege, Grege et Rege - Huldigingsbundel prof HA Wessels - Smit, WA R20

Wessels - Smit, WA R20

Kerkbou

Beginsel van Geref kerkbou - Koorts, JMJ R10

Leefstyl

Voorberediing vir aftrede in perspektief van Koninkryk van God (Studiestuk) -

Rosslee, DD R5

Natuurwetenskap

Time and Again - Stafleu, MD R30

Opvoedkunde

Gesinsvoorligting op skool - 'n poging tot begronding (Studiestuk) - Barnard, MC R5

Die Versetleer - Henning, O A R15

Vervolg op bl 18

Uitvoerende beampte tree uit, maar nie af nie

- HJ Hayes

Toe ds. Connie Bester vroeër die jaar te kenne gegee het dat hy einde September 2003 die amp van hoofuitvoerende beampte wil neerlê, omdat hy van oordeel is dat hy 'aftreëbaarheid' bereik het, het dit uiteraard baie gedagtes oor die voortgang van die Vereniging opgeroep. Ds Bester se dienstermyn strek immers oor die byna tien jaar sedert begin 1994, wat moontlik aangeteken sal staan as 'n tydvak waarin daar (deur die VCHO) teen 'n oorweldigende stroom van sekularisering van die onderwys ingebeur is.

Reeds teen die tyd van sy aanstelling bevind onderwys in Suid-Afrika hom in 'n drukgang, vanweë 'n nuwe onderwysbeleid, wat die VCHO voor die geweldige uitdaging geplaas het dat hy hom lynreg teenoor die vooropgestelde plan vir die finale aftakeling van die oorblyfsels van wat as 'n eens Christelike openbare onderwysbedeling getipeer was, moes positioneer. Ooreenkomstig sy Christelike oortuiging en kragtens sy amp, was dit vir ds Bester destyds al 'n uitgemaakte saak dat hy, selfs teen alle teenspraak in, die pad van Skrifgehoorsaamheid sou gaan, sodat hy hom konsekwent op die standpunt van Bybelse begroning gestel het.

Dus het die VCHO-kantoor onder ds Bester se bekwame leiding en onder aanvoering van die hoofbestuur – ten spyte van 'n uiters ongunstige onderwysomgewing in soverre as wat dit die aanvaarding van die Christelike lewensbeskouing betref – voortgegaan om aan die verklaarde doelstelling van die Vereniging uitvoering te gee. Waar die amp egter nooit van die bekleër daarvan geskei kan word nie, volg dit dat ds Bester, deur sy besondere persoonlikheidseienskappe, 'n eie beklemtoning aan die pos van uitvoeren-

de beampte gegee het, wat hom van sy voorgangers onderskei in positiewe sin. Dit is van belang, omdat hy midde-in 'n periode wat nuwe eise aan die uitdra van die VCHO-boodskap stel, sy rol kon begryp, vertolk en daaraan inhoud gee.

Voorts kan van ds Bester getuig word dat hy hom in al sy optrede deur die bepaalde missie van die VCHO laat lei het. In enige organisasie se voortbestaan is dit van kritieke belang, met die oog op relevantie. Toegerus as Woordbediener in die gereformeerde tradisie, was die vereenselwiging hiermee (die missie) 'n vanselfsprekendheid, maar meer nog – hy was in staat om die toepassing van die **beginsel van die eer van God op alle lewensterreine**, vanuit die kerklike na die onderwyssfeer, doeltreffend te kon verplaas, omdat hy met die Calvinistiese perspektief onderleg is. Dit stempel trouens sy lewens- en wêreldbeskouing, wat van hom 'n uiters geskikte ampsbekleër in VCHO-konteks maak.

Dit is onvermydelik so dat die posisie wat die hoofuitvoerende beampte in die VCHO beklee, meebring dat vir welke handeling die Vereniging na buite onderneem, hy teenoor 'n ieder en 'n elk bereid moet wees om verantwoording te kan doen. Die aanvaarde maatstaf is dat wát die Vereniging doen, beoordeel moet word in die lig van die doelstelling, te wete die bevordering van Christelike onderwys en wetenskap, asook die beskikbaarheid van hulpbronne. Sy uiters bekwame versorging van byvoorbeeld die tydskrif *Roeping en Riglyne* verdien vermelding. Eerstens verskaf dit 'n baie goeie beeld van waarmee die Vereniging in hierdie baie moeilike tydvak besig was en is. Tweedens bied dit 'n baie ge-

troue weergawe van wat onder ds Bester se leiding vermag kon word, beperkte hulpbronne ten spyte. Talle ondersteuners het in die afgelope jare hul waardering hieroor uitgespreek, en andere is deur die lees daarvan daartoe beweeg om lidmaatskap te aanvaar.

Dit is so dat ds Bester gedurende 'n baie veeleisende tydperk in die net meer as 50 jaar van die VCHO se bestaan, aan die roer van sake was. Die onderwystoneel het in hierdie tyd dramaties verander en daar het afstand ingetree tussen die Christelike onderwysbeskouing en die nuwe sekulêre onderwysbeleid. Ongelukkig het dit ook verwydering tussen die VCHO en sommige bondgenote van vroeër, wat hulle weliswaar vir die Christelike standpunt uitgegee het, veroorsaak. Ernstige meningsverskil het in die skakeling met ván die eertydse bondgenote ontstaan, wat as 'n betreurenswaardig beskou kan word.

Ds Bester se ingesteldheid tot gebeure van hierdie aard is tiperend daarvan dat hy bereid is om teenstand, ter wille van die saak wat hy dien, te verduur. Kenmerkend van sy hantering daarvan, byvoorbeeld, was die episode in 2000 tydens 'n vergadering van die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opleiding. Daar was hy, as VCHO-afgevaardigde, verplig om sterk standpunt in te neem teen 'n onverklaarbare koerswending. Ds Bester het die VCHO-standpunt met oortuiging gestel, deur 'n treffende pleidooi vir Christelik-kultuurgebonde onderwys te lewer, te midde van 'n denkklimaat wat kennelik nie daarvoor ontvanklik was nie. Ander soortgelyke episodes staan helder voor die gees, maar hierdie is voldoende om die punt te illustreer.



Ds. en mev. Bester 1-1-1994 --30-9-2003


Ds Bester het vroeg moes leer dat, onder die invloed van die postmodernisme, daar 'n ambivalensie tussen belydenis en uitlewing (leer en lewe) in ons hedendaagse onderwysopset ingetree het. Die gevolg is dat dit nie as vanselfsprekend aangeneem moet word dat, wanneer iemand die Christelike beskouing sou huldig, dit noodwendig beteken dat hy/sy bereid sou wees om dit ten alle koste uit te leef nie. Diegene in ons onderwysgemeenskap wat hierdie sake nog op een lyn stel, is "dun gesaai".

Wat ds Bester self betref, moet met waardering gekonstateer word dat hy nie tussen hierdie sake 'n onderskeid getref het nie. Vir hom is dit een en dieselfde. Dat iemand van hierdie ingesteldheid gedurende hierdie tydperk die VCHO-boodskap sou uitdra vanuit die kantoor, is van besondere betekenis, en die wyse waarop hy dit gedoen het kan by niemand enige twyfel laat oor presies waar die Vereniging staan betreffende die onderwys nie.

Ds Bester beskik oor die gawe om sake wat verwickeld raak deurtastend te ontlee en met oplossings vorendag te kom. By talle geleenthede tydens vergaderings en in die gewone gang van die kantooradministrasie is bespreking gevoer oor

wat die VCHO in bepaalde gekompliseerde omstandighede te doen staan, ten einde aan gestelde doelwitte gevolg te gee of projekte te laat vlot. Wanneer ds Bester dan aan die woord gekom het, was dit met goeie beredeneerdheid en uitvoerbare gedagterigtings.


Vir die kantoorpersoneel was dit 'n aangename voorreg om vir 5 jaar of langer met ds Bester te kon saamwerk. Die dien van Hom aan wie die ganse skepping onderhorig is, en van sy Koninkryk, het vir hom nog altyd swaarder gewee as persoonlike oorwegings. Daardeur kon harmonie in die dag-tot-dagwerk-saamhede bewerkstellig word, wat andersins nie moontlik sou wees nie. Ons is dankbaar dat die band nie verbreek word nie. Ds Bester tree uit die amp van hoof-uitvoerende beampste, maar gaan steeds voort met die organisering van skakeling met gemeentes, waarmee hy die afgelope aantal jare gemoed is.

Vanuit die kantoor wil ons ons waardering teenoor ds Bester uitspreek vir die wyse waarop hy sy amp behartig het. Mag daar vir hom in die nuwe hoedanigheid (organiseerder), en sy eggenote, 'n baie geseënde dienstryd voorlê. 

wat die vorm van Christelikheid aanneem, maar wat sy regte mag verwerp. Menige maal kan 'n mens kwalik die verskil tussen die Christelike en heidense standaard raaksien. Al te veel mense het 'n obsessie oor "my, myself en ek", hierdie eksistensialisme (selfgesentreerde onder-vinding, oriëntasie) en humanisme. Al hierdie dinge het selfsug, trots en rebelsheid teen God tot gevolg gehad. Een van die gevolge van hierdie "ek-generasie", behep met self-voldoening, is dat die samehorigheid van ons gemeenskappe verdwyn het. In hierdie era van veranderlikheid en vooruitgang word lojaliteit verwerp. Lojaliteit teenoor die familie, vrou, kerk, denominasie, werk en omgewing is besig om te verdwyn. Dit is 'n era van rebellie en selfhandhawing – om jou eie ding te doen. Langtermyn verbondenheid is blykbaar nie meer aanvaarbaar vir die meeste van die self-soekende generasie nie.

Dit is die verantwoordelikheid van God se 'kerkmense' om aan hierdie verwarde en soekende jongmense 'n opwindende uitdaging aan te bied, 'n waardevolle rede, 'n vereiste sending en geleentheid vir aksie. Maar ons moet ons mense weer leer, deur woord en voorbeeld, van die nodigheid van langtermyn verbondenheid en nie-toegewende standaard van lojaliteit teenoor God en land, teenoor kerk en sending, teenoor familie en vriende. **Persoonlike, heelhartige verbondenheid in Christus is die hart van die Evangelie.**

Ons moet die Here ons God liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand, en met al ons kragte. Is jy in verbondenheid met Christus? Is jy met jou hele hart in verbondenheid aan Sy standaard van diens, eer, en lojaliteit – ten spyte van wat dit kan kos?

Deur geloof en gehoorsaamheid kan ons struikelblokke oorbrug, krisis-situasies verander in geleentheid om die Evangelie te verkondig, stryd verander in oorwinning. Ons is "meer as oorwinnaars" (Romeine 8:37, 1 Johannes 5:4) deur Christus. 

SEKSVOORLICHTING OP SKOLE

- 'n Bydrae geskryf deur Prof. Pieter H Stoker namens die Deputate van die GKSA vir Christelike Onderwys

Seksvoorligting is vandag deel van die skool se opvoedingtaak: Volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring is “*sexuality education (is) an integral part of the school curriculum. Such education should give both girls and boys the resources they need to practise birth control.*” (Manifesto 2001:63). Die onderwys word verder betrek om die VIGS-pandemie te bekamp, onder andere deur inligting oor MIV en sy verspreiding in leerareas in te werk.

Die onderwys sluit aan by die hedendaagse sekulêre mens, wat seksualiteit verhef as die belangrikste en selfs enigste uitdrukking van die mens se diepste gevoelens en belewenis binne 'n verhouding van twee mense. Dit is duidelik dat die uitgangspunt van die Departement van Onderwys nie “onthouding voor die huwelik” is nie, maar “voorkoming tot swangerskap” is.

Die verpligte seksvoorligting van die Departement van Onderwys is sonde teen en oortreding van die wet van God. Gehoorsaamheid aan die geboorte van God en dan spesifiek die 5de, 6de, 7de, 8ste, en 10de geboorte behoort aan die Suid-Afrikaanse jeug oorgedra te word. God verbied seksuele losbandigheid. Die enigste werklike antwoord is te vinde in 'n heilige en godverheerlikende lewe, ook tussen die geslagte. Trouens, albei, seun en dogter, is na die beeld van God geskape. Vir die Christen is die menslike liggaam 'n tempel van God en dit moet as woonplek van die Heilige Gees heilig gehou word.

Vandag word kinders alreeds op 'n vroeë stadium bewus gemaak van die fisiologiese verskille tussen geslagte. Hierdie bewusmaking begin by die wyse waarop bevrugting by plante en diere plaasvind. Aandag moet egter daarop gevestig word dat diere nie enige tyd paar nie. Jong

diere moet eers tot volwassenheid kom met ten volle ontwikkelde seksorgane. Meeste volwasse diere word seksueel aktief slegs gedurende die paarseisoen. Die tyd van paring is daardie tyd in die jaar dat die kleintjies gedurende die lente gebore word wanneer dit warm word en daar voldoende kos is. God het dit deur Sy almagtige Wysheid so gereël dat diereerasse bly voortbestaan.

Nie alle volwasse diere paar nie. Die mannetjie moet die wyfie aantrek. In sommige diersoorte moet die mannetjie die wyfie oorreed om te paar, om dan 'n huis of 'n nes te bou en 'n gebied af te baken. Mannetjies moet dikwels meeding met ander mannetjies vir 'n wyfie. Dit is dan die grootste en sterkste mannetjies met die beste paringrituele wat die ander mannetjies wegjaag en wat dan een of meer wyfies wen vir paring.

Daar is orde in die wyse waarop diere in strukture saamleef, strukture wat instinktief bepaal word deur die verhouding tussen mannetjies, wyfies en hulle kleintjies. Hierteenoor het die mens die vermoë ontvang om self te kan besluit hoe hy met ander wil saamleef. In hierdie besluitneming is hy nie aan instinkte gebonde nie. Hy is ook nie 'n alleenwese is nie, maar hy is 'n verhoudingswese. Sy saamleef met ander mense word bepaal deur sy verhouding tot God, tot sy naaste en tot die skepping, waarin hy moet leef.

Die Bybel waarsku ernstig teen ongeoorloofde seks, wat voortspruit uit erotiese liefde, daardie sinlike liefde wat deur fisiese kontak tussen liggame van man en vrou opgewek word. Paulus skryf byvoorbeeld in 1 Thes. 4:3-6: “Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in harstogtelike begeerlikheid soos die

heidene wat God nie ken nie”. Ook 1 Kor 5-7 handel oor ongeoorloofde erotiese liefde.

Beginselstandpuntstelling tov van seksvoorligting in skoolboeke

Opvoeding van 'n kind moet nie net rekening hou met sy/haar biologiese ontwikkeling, waarby seksvoorligting gewoonlik aansluit, nie. Dit moet ook rekening hou met sy/haar ontwikkeling as gevoelsmens, en die beeld wat die kind van homself selfontdekkend ontwikkel. Hierdie lewensbeeld word aan hom oorgedra in sy saamleef met familie en maats, en deur die invloed van die juffrou of meneer op skool. Dit hou verband daarmee dat 'n mens nie 'n alleenwese is nie, maar 'n verhoudingswese is, wat in 'n bepaalde verhouding tot God, sy naaste en die skepping staan. Vir sy verhouding tot God en sy naaste geld die liefdesgebod, wat vir alles wat die mens dink en doen gegee is.

Die Bybel gebruik verskillende woorde vir liefde:

Agapë, wat beteken: *God se liefde, liefde wat gee, nie afhanklik van die waardigheid van die objek nie;*

Storgë, wat beteken: *instinktiewe liefde, soos van ouer vir kind.* Dit is soos die onderlinge liefde in 'n gesin;

Filia, wat beteken: *vriendskapsliefde, liefde vir iemand wat dit verdien.* Normaalweg is dit naasteliefde;

Eros, wat beteken: *sinlike/romantiese liefde.* Dit is die besondere liefde tussen man en vrou in 'n huwelik.

Die een liefde staan nie los van die ander nie. So kan dit in seksvoorligting nie slegs gaan om die erosliefde, daardie sinlike liefde wat veral jong mense as 'n drang in hulle lewe ervaar om daaraan uiting te

gee in 'n seksuele daad nie. Die Bybel gee duidelik leiding hoe die verskillende liefdes in konteks met mekaar in die lewe gestalte moet kry.

Kommentaar oor skoolboeke en dokumente met seksvoorligting

Seksvoorligting in skoolboeke en dokumente handel slegs oor biologiese verskille tussen die geslagte en hoe om bevrugting en MIV/VIGS te voorkom. *Die liefdesgebod ontbreek in elkeen van die boeke en dokumente.* Wat ook in seksvoorligting ontbreek is dat elke mens na die beeld van God geskape is. Dit beteken dat die mens nie van die dier afstam nie, wat die grondslag van dokumente oor seksvoorligting is. Die dokumente aanvaar daarom nie die mens na die beeld van God nie en daarmee ook nie wat dit beteken om onder andere in die regte verhouding tot God te staan en sy wette te gehoorsaam nie.

As verteenwoordiger van God moet die mens voor (die aangesig van) God en tot eer van God lewe. Dit beteken om elke dag na sy beeld vernuwe te word (Kol. 3:10). Hiervoor is die leiding van die Heilige Gees en die insig wat God se wette bied noodsaaklik. "Om God se beeld te vertoon, beteken dus dat ek met al my gawes, talente, tyd, kragte en middele God se geboeie (saamgevat in die liefdesgebod) moet uit leef en so my medemens en die hele skepping dien." (B.J. van der Walt, 1995, Bybelse Perspektiewe op die mens, p.13). Die gelowige / verlore mens is dus nie uitgelewer aan sy of haar sondige of sogenaamde dierlike natuur en aan elke gevoel of begeerte wat by hom / haar opkom nie, maar het ook 'n verantwoordelikheid ontvang om nugter en Geesvervuld (Efes. 5:18; 1 Petrus 2:11; 4:1 & 2) en selfbeheersd (1 Petrus 4:7; Gal. 5:16,22) op te tree.

Wanneer by seksvoorligting leerders gevra word om hulleself en mekaar van nader te bekijk en vas te stel hoe hulle liggame werk, gaan dit nie om hoe volmaak en wonderbaarlik God die mens se liggaam geskep het nie. Verbondskinders moet besef hoe-

veel hulle van die Here ontvang het. Daar is soveel om vir die Here voor dankie te sê. Ons het nie net al hierdie wonderlike dinge ontvang nie, ons kan dit nie net geniet nie, maar moet dit ook volgens die geboeie van God voluit gebruik. Alles wat 'n Christen doen, behoort uit liefde vir die Here, die naaste en die skepping waarin God ons geplaas het, gedoen te word. (1 Kor. 10:31; Kol. 3:17). Hierdie optrede word bepaal deur ons Christelike uitkyk op die lewe en berus op die Woord van God.

Dit ontbreek ook in die dokumente dat God as Koning oor alles en almal heers, dat Hy vir alles in sy uitgestrekte skepping sorg (Ps.65), dat die mens (elke mens) in diens van God staan (Vgl. Ps. 8, 24), dat God die mens as kroon van sy skepping aangestel het en dat die mens Hom moet aanbid, prys, dien en verheerlik. Hierdie aanbidding en diens is nie net beperk tot die binnekamer, huisgodsdien of 'n erediens op Sondag nie. Die hele lewe van die gelowige mens moet aanbidding, lof en diens aan God wees. Die mens moet God se skepping / aarde bewoon, bewerk, oppas, beplannend en vermeerderend leef en skeppend besig wees.

Die dokumente gaan uit daarvan dat seks deel is van die mens se sosiale lewe. Gevolglik bly die dokumente in gebreke om die baie dimensies van die mens se sosiale lewe raak te sien, soos die huwelik, gesin, kerk, skool, gemeenskap, sportklub en kultuurvereniging. In elkeen van hierdie samelewingskringe neem albei geslagte deel en gevolglik kom die verhouding tussen geslagte ook ter sprake, en daarmee gehoorsaamheid aan die sewende gebod .

Die sewende gebod


(Snitte uit die medikus Professor J M Boon se artikel in "Waarheid en Dwaling" Jaargang 8 (7), Julie 2002:8, onder die algemene titel "Mediese Etiek")

Die sewende gebod het geweldige implikasies vir die sosiale lewe. 'jy mag nie egbreuk pleeg nie' - dit is

veral belangrik in die VIGSproblematiek. Hierdie gebod geld nie net vir getroudes nie, maar ook vir ongetroudes. Met hierdie gebod wil die HERE die lewe van sy kinders beskerm sodat ons kan doen wat die HERE van ons vra in sy koninkryk. Dit is om onder andere kinders, vaders en moeders in sy koninkryk te wees.

In die sewende gebod leer die HERE ons: 'My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir dié wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam' (Spreekw. 4:20-22). Is dit nie 'n pragtige logo om die stryd teen VIGS aan te knoop as christendokters en -verpleegsters nie? Genesing vir die hele liggaam lê opgesluit in die gebod om die liggaam rein te bewaar voor en binne en buite die huwelik. Is dit nie dié voorkomende maatreël in die stryd teen VIGS nie?

Paulus verwys ook in 1 Tessaloniense 4:4-5 na die hartstogtelike begeerlikheid van die heidene, en roep die gemeente op dat elkeen sy eie vrou in heiligheid en eer moet verkry. Dit is inderdaad die hartstogtelike begeerlikheid wat in ons samelewing, in beide die gegoede woonbuurte as die townships die toon aangee. Is dit nie dié wortel van die moderne afgode wat uitdrukking vind in die vermaak van die 21ste eeu nie? Die naweekcultuur van pret en plesier, die leesstof en kykstof (veral die sogenaamde 'sepies') om ons, selfs tot in ons huise? Waarom sien ons so baie jongmense met VIGS? So baie 'ongewenste' swangerskappe? So baie plakkate wat kondome adverteer as die oplossing vir VIGS? So baie huise sonder 'n pa?

Die gewoonde raak hieraan het al sover gevreet, dat die gebod van die HERE nie meer raakgesien word nie. Daardie goeie gebod wat ons lewe wil beskerm. Mense kom nie meer in die kerk nie, sodoende hoor hulle ook nie meer die wet van die HERE nie. En die chroniese afwesigheid van die hoor van God se wet stig chaos in die lewe. 

Christene kan hierdie wêreld verander

- Peter Hammond

Daar is baie anti-Christelike magte Dat ons gevalle wêreld verandering nodig het, staan bo alle twyfel vas.

Wanneer ons nuusblaaië en films immoraliteit ophemel, tradisionele familie waardes ondermyn en selfsug, gierigheid en wellus bevorder; wanneer kriminele geregtigheid deur wettige tegniese punte ontsnap; wanneer die helfte van die wêreld gebuk gaan onder totalitêre diktatorskap en vervolging; wanneer pornografie, aborsies, terrorisme en die okkulte vermeerder – dán weet ons dat dit nodig is dat hierdie wêreld verander moet word.

Ons het onself ook toegelaat om mislei, ge-breinspoel en geïntimideer te word in 'n skuldgevoel ten opsigte van die groot prestasies van Christen sendelinge en Hervormers van die vorige eeue. Christene wat onbekend is met die geskiedenis, het verskonings aangebied vir daardie getroue Christene wat kannibale tot bekering gelei het, wat die groepsmoorde tussen stamme beëindig het, kinder-offers afgeskaf het, towery vernietig het en hele nasies vir Christus gewen het.

Baie Christene het hulleself oorgegee aan die magte van die duisternis, het onderhandelinge aangegaan en saamgewerk met afgods-aanbidders, het die Bybel de-mitologiseer, het "aanvallende" Bybel aanhalings uit ons preke verwyder en ons standaard verlaag om die onbekeerdes maklike toegang tot die kerk te verleen.

In die verlede het die kerk uitgegaan om die wêreld vir Christus te wen. Vandag, in te veel kerke, word Christus verkoop vir 30 stukke silwer, of minder. In plaas daarvan dat die kerk die wêreld verander, verander die wêreld die kerk.

[Peter Hammond is die skrywer van "Putting Feet to Your Faith and The Greatest Century of Missions.]

As God jou kan verander, dan kan God jou gebruik om 'n gedeelte van hierdie wêreld te verander.

Dit is nou vir dekades lank dat Christene in die Weste weggedraai het van die God-georiënteerde, Bybelgefundeerde, Christus-gesentreerde fondasie van die Reformasie. In plaas daarvan, het baie Christene na die mens-gesentreerde humanisme of die Renaissance gedraai. Laasgenoemde het altyd noodwendig gelei tot die uiterste permissiwiteite of totalitarisme, soos gesien met die Franse en Russiese Revolusie.

Die gevolge van hierdie afvalligheid is duidelik sigbaar in die aborsie "slagting", die pornografie industrie en die politieke beskerming van perversiteit in die Weste; en die moorde en konsentrasiekampe van die Ooste.

Die gevolge van die wegdoening van die ewige standaard van God, soos geopenbaar in die Bybel, is: families wat nie daarin slaag om opgevoed te word nie, regerings wat faal om die skuldiges te straf, regerings wat nie daarin slaag om aan die wetsgehoorsames sekuriteit te verleen nie, skole wat nie in onderrig slaag nie en kerke wat nie daarin slaag om 'n huis van gebed vir alle nasies te wees nie, maak dissipels, leer gehoorsaamheid.

Ons leef in 'n era van skuldmanipulasie waar al te veel Christene voorberei word vir slawerny deur skending van die Skrif en deur manipulasie van ons emosies. Sekere van die sleutel frases in hierdie veldtog is: liefde, eenheid, gelykheid, verdraagsaamheid en versoening. Mooi woorde. Eerbare gedagtes. Hoe

ookal, die slagspreuk van die Franse Revolusie was: "Vryheid, Gelykheid, Broederskap!" (Die volle, oorspronklike slagspreuk van die Franse Revolusie was eintlik: "Vryheid, Gelykheid, Broederskap! Of Dood!"). Tog, ten spyte van hulle oënskynlike goeie intensies van hulle slagspreuk, het 40,000 koppe gerol wanneer die valbyl oortyd werk, 300,000 is by wyse van ander metodes tereggestel, en Europa was gedompel in 'n 25-jaar lange oorlog – met baie gedood.

Op dieselfde wyse, moet ons bewus wees van die politieke skuld en jammerhartigheid, wat daarna gestreef het om ons emosies te manipuleer en ons gewillige instrumente te maak van slegte mense wat geweet het hoe om hulle planne te verbloem. Deur waarneming kan ons merk dat sekere van hierdie afgesaagde uitdrukkings in hierdie revolusie verborge betekenisse het. Byvoorbeeld, liefde – dit kan die passiewe aanvaarding van die slegte beteken; eenheid beteken gewoonlik gelykvormigheid; gelykheid kan gevind word in die konsentrasiekampe in Rooi China; verdraagsaamheid beteken normaalweg verdraagsaamheid van die slegte; en versoening beteken normaalweg oorgawe. (Hoekom moet ons nie saamstem, argumenteer of veg nie. Wees redelik. Volg my pad en ons sal versoen word).

Wat is die oplossing? Wat kan ons doen? EERSTENS is dit nodig om die Skrif te bestudeer en die objektiewe waarheid te leer. Die Woord van God moet die regter en soliede fondasie van al ons aksies wees. Dit is waar die Reformasie begin het. Totdat ons die Woord van God ken, kan ons baie maklik mislei word.

TWEEDENS moet ons ons mense

waarsku teen die gevare van humanisme, immoraliteite, valse gelowe soos die Islam, en die Marksistiese hersiening van geskiedenis. Ons moet wakker word en sien wat rondom ons gebeur, en die taktiek van die anti-Christelike magte blootstel.

DERDENS moet ons besef dat waarheid nie bepaal word deur 'n meerderheids-mening nie, maar wel deur die Woord van God. Ons moet nie verandering met vooruitgang verwar nie. Ons moet onself ook nie toelaat om deur skuldgevoelens gemanipuleer te word nie. Weier om apologeties op te tree noor Christene van 'n ander era en plek.

VIERDENS is dit nodig dat ons ons mense moet bemoedig en leiding gee na positiewe Christelike aksies. "Sonder 'n visie, vergaan 'n nasie." Dit is nodig dat ons moed inpraat, hoop vir die toekoms en ons geloof in God se Woord versterk. Mense wat deur angs en skuld oorval word, is nie in staat om die bose te weerstaan nie. Ons moet terugkeer na God om vergifnis, vryheid en sterkte te bekom deur berou, en om ons geloof in Jesus Christus te bewys.

Elia het dit gewaag om alleen te staan teen 450 valse profete van Baäl en die 400 valse profete van Asjera. Elia het hulle kettery en afgodery uitgedaag. Elia se geloof in God het hom sterk en dapper genoeg gemaak om hom te verset teen die valse profete. En Elia het die geskiedenis verander daardie dag by die berg Karmel deur valsheid te weerlê en die volk Israel weer na God te laat terugkeer (1 Konings 18).

Wycliffe, Huss, Luther, Zwingli, Calvyn, Tyndale and Knox het die verloop van menslike geskiedenis verander omdat hulle gewaag het om 'n studie van die Bybel te maak en omdat hulle hulle sterk uitgespreek het teen die onBybelse onderwysings en korrupte misbruik van die Middeleeuse Rooms Katolieke Kerk.

Sendelinge soos William Carey het die geskiedenis verander deur die Evangelie na Indië te versprei, die Bybel in verskeie plaaslike tale te ver-

taal, en deur 'n einde te maak aan die Hindu praktyke van kindermoord, kinder prostitusie en die lewendige verbranding van weduwees op die begrafnis-brandstapels van hulle afgestorwe mans.

William Wilberforce het 'n lewenslange veldtog van stapel laat loop om die slawehandel te beëindig en die gevangenes vry te laat.

Oosterse en stamgebonde denke het 'n sikliese beskouing van geskiedenis. Herhaling en "die onvermydelikheid van geskiedenis" ingedruk in Animistiese en Oosterse denke dat hulle hulself sien as 'n lydende geskiedenis eerder as geskiedenis te maak of te affekteer. Oosterlinge het hulleself vasgevang gesien in die ontwikkeling van geskiedenis en die genade van die natuurmagte, die geeste of die voorouers (alle eksterne magte).

Dit is in teenstelling met die Christelike wêreldbeskouing, wat 'n lineêre ontwikkeling sien wat begin by die skepping, deur die vloed, die gee van die Wet by die berg Sinai, die vleeswording van Christus, Sy kruisiging en opstanding, Sy Hemelvaart, die Pinksterdag en wat 'n hoogtepunt bereik by die wederkoms van Christus en die Oordeelsdag. Daarom sê Christene: "Net een lewe, dit gaan gou verby, net dit wat vir Christus gesoen is, sal bly."

Elke dag is uniek, elke geleentheid moet aangegryp en gebruik word. Tyd is beperk in die Christelike wêreldbeskouing. Die Christen sien homself as betekenisvol omdat hy deur God geskape is met 'n doel. Hierdie klem wat gelê word op die individu is uniek aan die Christen-dom ten opsigte van die groter wêreld religieë. Elkeen van ons sal as individu voor die Regterstoel van God moet staan met die Oordeelsdag en verantwoording moet doen van ons geloof en gedrag. Elkeen van ons moet belydenis doen van ons eie sondes en ons persoonlike geloof in Christus beoefen om vergifnis vir ons sondes, en bevry te word van die mag van die sonde.

In Christelike denke is die natuur aan

ons onderwerp om dit te bewerk en te ontwikkel tot eer van God. Dit is vir ons moontlik om die gang van geskiedenis te verander, omdat die Soewereine God almagtig is, Sy Woord die krag van God is vir die saligheid van almal wat glo, en Hy gebede beantwoord.

Die Bybel leer ons om 'n heilige 'ontevredenheid' te hê met die tweede beste, 'n sterk geloof om God te vertrou vir groot dinge, om na vore te kom en te verander wat verkeerd is en wat in God se oë reg is tot stand te bring. Ons moet nie die krag van gebed aangaande God se Woord en die 'na vore kom' in geloof en gehoorsaamheid aan Sy geboorte, onderskat nie. Dit is hierdie geloof wat Christene in staat stel om kinder-offers, kannibalisme, poligamie, slawerny, weduwee-verbranding en ander wreedhede van heidense gelowe te beëindig.

Ons moet egter onthou dat ons nie oorwinning kan behaal sonder om te stry nie. Opofferings en risiko's is noodsaaklik. Ons kan nooit wen as ons aanhou om probleme te vermy nie; ons moet dit in die oë kyk en daaraan aandag gee. Die toekoms behoort aan die dapperes en die sterkes.

Is jy so 'n Christen wat kan sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." Filippense 4:13

Christelikheid roep ons op tot aksie. Oosterse gelowe, soos Buddisme en Hinduïsme, aan die ander kant, bewerkstellig stagnante, terugvallende, nie-produktiewe gemeenskappe wat 'n obsessie het oor selfsugtige meditasie en fatalisme. Hoe dit ook al sy, hoe meer die Weste hierdie Oosterse gelowe en heidense voorveronderstellings aanvaar, hoe meer van die Weste raak vervalde deur sekularisasie, permissiwiteit, en materialisme. Deur die verontagsaming van God se Woord, deur daardie Christelike beginsels wat van die Westerse nasies die mees gelukkige en vrye nasies in die wêreld maak, te vergeet, gaan hulle dood in die binnekant. Daar is 'n praktiese ongelooft

- vervolg op bl. 13

Stemme uit die verlede

- dr L Hoffman

Die VCHO is in die bevoorregte posisie om oor baie interessante en leerse leesstof te beskik. Baie van hierdie leesstof is deur middel van skenkings ontvang. 'n Biblioteekprojek is 'n paar jaar gelede van stapel gestuur om die boeke en tydskrifte te katalogiseer en op 'n databasis te plaas. Op hierdie wyse kan materiaal makliker opgespoor word vir nalaandoeleindes.

Mev Aletta Doman het hier belangrike werk gedoen. Ongelukkig moes die projek beëindig word vanaf 1 Augustus 2001. Tans is dr Lyzette Hoffman besig om tussen haar ander werk deur van die boeke en tydskrifte op die databasis in te sleutel.

Die VCHO boekery bestaan uit tydskrifte en boeke van verskillende onderwerpe. Behalwe vir die dagblaai van die verskillende Afrikaanse kerke is daar ook ander tydskrifte wat 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitdra. Daar is ook verskeie interessante boeke met onderwerpe oor opvoedkunde, filosofie, kultuur, teologie en kerkgeskiedenis. Van die boeke dateer so ver terug as 1888. Van "De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika" is daar kopieë vanaf 26 Januarie 1850.

In 1850 is daar 'n reeks artikels in "De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika" oor drie eise van die Christelike lewe. Hierdie 152 jaaroue artikels gee ons vandag nog stof tot nadenke. Die drie eise waarna verwys word, is: *Wees werksaam, wees waaksaam, wees bereid.*

Ledigheid is onnatuurlik. Die opdrag om te werk was reeds voor die sondeval aan die mens gegee. Om 'n mens se gees met kundigheid te verryk, gawes te kweek en kuns en wetenskap te beoefen, is goed. Tog voldoen 'n lewe wat op hierdie manier werksaam is, nog nie aan die eis van Christelike werksaamheid nie.

Christelike werksaamheid word as volg gedefinieër: Werksaamheid wat uit die oortuiging van Christelike roeping, in die Naam en krag van Christus, met die oog op Hom en tot Sy eer geskied. In die lig hiervan kan

'n mens jousef vandag nog afvra: Hoe Christelik is my werksaamheid by die kantoor, op die plaas, in die skool?

In die artikel wat die eis tot waaksamheid stel, lees 'n mens wat vandag weer aktueel is. Die onbeskryflike, onbevekte, onverwelklike erfenis wat vir ons in die hemel in bewaring gehou word, word in pragtige taal beskryf.

Die skat van ons verlossing is kosbaar. Die sekerheid van ons verlossing lê in ons Verlosser, Jesus Christus. Die sekerheid lê nie in ons eie vashou aan die hemelse skat nie. Tog word die Christen van daardie jaar, (en hoeveel te meer van die jaar 2003?), opgeroep om waaksam te wees met betrekking tot hierdie hemelse skat.

Die gelowige moet alle goeie middele aangryp wat hom/haar in die oortuiging van sy/haar hemelse skat kan versterk. Die gelowige moet ook "die wapen opneem" (figuurlik gesproke) teen almal wat die oortuiging wil roof of skok.

Die derde Christelike eis, naamlik "wees bereid" sou ook beskryf kon word as "wees gereed". Dit is die strekking van die derde artikel in die reeks. Die gelowige is soos die mense wat wag op die terugkeer van hul eenaar vanaf die bruilofsfees, gereed (bereid) om die deur vir Hom oop te maak (Lukas 12:36).

Die gelowige leef in die verwagting dat die Here Jesus enige tyd weer kan kom. Hierdie verwagting gee die gelowige hoop en blydskap. "Een Christen sonder blijdschap is eene tegenstrijdigheid." Ons kan tereg 152 jaar later vir onself afvra: "Is ons gereed en opgewonde daarvoor dat die Here Jesus weer kom?"

Die gewoonde raak hieraan het al sover gevrees, dat die gebod van die HERE nie meer raakgesien word nie. Daardie goeie gebod wat ons lewe wil beskerm. Mense kom nie meer in die kerk nie, sodoende hoor hulle ook nie meer die wet van die HERE nie. En die chroniese afwesigheid van die hoor van God se wet stig chaos in die lewe.

- Vervolg van bl 11

Gaudeamus Igitur - Hugo, GJ	R5
Op die drumpel - Hugo, GJ	R5
Grondtrekke van Fenomenologiese Pedagogiek in SA - Schoeman, PG	R15
Christelike wetenskap en Christelike Onderwys - Strauss, HJ	R10
Towards a Christian approach to curriculum (Studiestuk) - Van Brummelen, H	R5
n Nuwe Onderwysmodel: Waarom? (Studiestuk) - VCHO	R15
Voed hulle op (Studiestuk) - VCHO	R20
Sielkunde	
Mens en persoonlikheid - Smit, WA	R15
Sosiologie	
Sosiologie vir die Ryksburger - 'n Kennismaking - Smith, HJ	R20
Staatsleer	
Die ANC en die Revolusionêre aanslag op Kerk en Politiek - Raath, AWG	R10
Kritiese analise, 10 sleutelbegrippe in konstitusionele riglyne ANC (Studiestuk) - Raath, AWG	R5
Universiteitswese	
Die wese van die Universiteit - Historiese Strukturele Perspektief - Lategan, LOK	R15



Skole is Christelike onderwys verskuldig aan die wêreld

- dr L Hoffman

Baie ouers is in die bevoorregte posisie dat hul kinders se onderwysers Christene is en dat met Skriflesing en gebed geopen word by die skool. Die gevaar is egter dat ouers in sulke gevalle aanneem dat hulle kinders noodwendig 'n Christelike opvoeding ontvang. Daar is egter 'n verskil tussen Christelike opvoeding en opvoeding deur Christene. Suid-Afrika, trouens die wêreld, het jongmense nodig wat vanuit 'n Christelik-opvoedkundige agtergrond kom en nie net deur Christene opgevoed is nie.

Jongmense wat Christelike onderwys ontvang, dra deur hulle karakter, kennishantering en roepingsbewustheid belangrike kwaliteite tot die wêreld by. Van Brummelen sien opvoeding as 'n voorbereiding vir kinders/jongmense om verantwoordelike dissipels van die Here Jesus te wees. Dit het bepaalde implikasies vir 'n kind se karakter.

'n Kind/jongmens wat Christelike opvoeding ontvang, word in hulle karakter geslyp om al meer soos volgelingen van die Here Jesus te leef. In 'n land waar werksetiek veel te wense oorlaat, waar Suidelike Afrika se bevolking daal weens die impak van die M1-virus, is landsburgers nodig wat 'n sterk gevormde Christelike karakter uitleef.

Die wêreldbeeld wat kinders en jongmense vanuit Christelike opvoedingsbeginsels vorm, beïnvloed hulle kennishantering op skool en in die werkplek. Kennis word nie verwerf of toegepas binne 'n vakuum nie. 'n Wêreldbeeld waar die Here gesien word as die Skepper en Onderhouer van alle dinge, gee wetenskap en geskiedenis 'n ander dimensie.

Die wetenskap bestudeer dan nie die evolusionêre ontwikkeling van 'n selfgenoegsame natuur nie, maar

die ontwikkeling van die natuur onder die Here se skeppende hand. Dit bring respek en verantwoordelikheid in die hantering van die natuur en natuurwette.

Genoemde wêreldbeeld stel die wetenskaplike, die landbouer en die wetgewer (om maar 'n paar te noem) se



verantwoordelikheid in die eerste plek teenoor die Skepper en nie wat die mens wil vermag nie. Dink byvoorbeeld aan eksperimentering op menslike embryo's, roofbou, ondeurdagte wetgewing en so meer.

Die geskiedenis word ook nie bloot 'n beskrywing van die "onoorwinlike menslike gees" nie, maar van die Here se voorsienigheid. Die geskiedenis is op weg om God se doel te beantwoord en die individu/kind/jongmens is deel van hierdie doelgerigte op-weg-wees.

'n Laaste belangrike bydrae van kinders en jongmense tot die wêreld, lê in 'n roepingsbewustheid wat gekweek word deur Christelike opvoeding en onderwys. Dit sluit aan

by die vorming van hulle karakter en die Christelike wêreldbeeld waarin hulle onderrig word. In die media word dikwels verwys na talle geskoolde Suid-Afrikaners wat die land verlaat.

Daar is tans ook 'n "Kom-terug-huis-toe"-veldtog om Suid-Afrikaners aan te moedig om hulle weer in Suid-Afrika te vestig. Christelike opvoeding en onderwys kweek jongmense met 'n roepingsbewustheid wat 'n verskil wil maak in hulle omgewing. Die verbruikersmentaliteit van "hoeveel-sit-ek-in-en-hoeveel-kry-ek-terug" word deurbreek.

Die kind/jongmens word bewus van ander beginsels wat geld in sy/haar keuses en in die uitlewing van 'n lewenstaak. Hierdie beginsels sluit in: die eer van God, benutting van talente tot voordeel van die naaste, getuieis van God se werk te midde van omstandighede, elke taak is 'n taak waarvoor die Here 'n persoon roep, ongeag wat Hy aan daardie persoon opdra en onder watter omstandighede.

Kinders en jongmense wat vanuit 'n Christelik-opvoedkundige oogpunt onderrig ontvang, dra kwaliteite by tot Suid-Afrika, trouens die hele wêreld, waarsonder die samelewing nie kan funksioneer nie. Christenouers het die verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders nie net deur Christene onderrig ontvang nie, maar wel ook Christelike onderrig. Hierdie Christelike onderrig moet duidelik wees in die vakinhoud sowel as in die wyse waarop dit aan die kinders oorgedra word. Dit verg betrokkenheid van ouers in beherade, gesprekke met hul kinders oor hul skoolwerk se inhoud en om voorbidding te doen vir onderwysers en leerlinge.



Knelpunte en jukke wat skaaf

- ds C Bester

Wat het ons, ek bedoel elkeen, tot nou toe gedoen om hierdie verval, verwildering en afwaartse kurwe te stuit of teen te gaan in die onderwys en opvoeding van ons kinders en volk?

1. Apatie op apatie - onverskoonbare traak-my-nie-agtigheid!
2. Verantwoordelikheds-verplasing!!
3. Onwilligheid om die geeste op die proef te stel en dan in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here op te staan en te werk vir die koms van Sy Koninkryk en die eer van Sy Naam.
4. 'n Paar honderd(-duisend?) Christen-onderwysers bied neutrale onderwys aan met 'n Christelike etos.
5. 'n Nog kleiner groep bied Christelike vakonderrig aan, met 'n Christelike etos.
6. Huisgodsdien is grootliks in verval in verbondshuise!! Kinders soek dikwels tevergeefs by ouers en opvoeders na die noodsaaklike rolmodelle wat hulle kan naboots! Die aandeel wat die Staat en die Departement van Onderwys neem in die ruïneringsproses, is:
 - 6.1 Nie blote onbevoegdheid nie.
 - 6.2 Nie blote onkunde nie.
 - 6.3 Nie blote paaboelie taktiek nie.
 - 6.4 Wel 'n doelbewuste vernietiging van enige CNO beginsels en vervanging met die sosialistiese Kubaanse model.
 - 6.5 Wel verklaarde beleid van minister Asmal om volksidentiteit te verdrink in die new age ideaal van één wêreldvolk, één wêreldtaal, één wêreldgodsdien - onder die voorwendsel dat identiteitshandhawing diskriminerend is.

6.6 Leerders word vir die arbeidsmark geskool in vaardighede, maar die kennis en onderskeidingsvermoë word verplaas uit die skole. Die staat se sosialistiese waardes móét as "uitkomst" aanvaar en uitgeleef word deur enige leerder wat toegang wil verkry tot tersiêre onderrig onder staatsbestuur.

7. Leiers op verskeie fronte gooi wal dat dit help dat niemand tog polities-inkorrekt moet optree nie! Almal wat dus waarsku word per uitgangspunt gebrandmerk as "politiese ekstremiste" en sulke "gevaarlike" mense word deur leuenagtige karaktermoord geneutraliseer!
8. Oor jare heen is vrae, kommentaar en kritiek gediskwalifiseer - en ouers en ander betrokkenes valslik aan die slaap gesus met die verkondiging van 'n voorspoed en sukses wat sou kom deur die onderwerping aan die verwording van die onderwysstelsel!
9. Ouerlike kommer en navraag, waar dit nog bestaan het, is in baie gevalle geklassifiseer as inmenging in die taak van die onderwyser.
10. Die grootste gros van ouers het hulle gevolglik onttrek van hulle verantwoordelikhede by die skool, net soos by die kategeese en die huisaltaar - met 'n verlies aan begeleiding van die kind om deur navolging van die ouers se voorbeeld, op te groei tot 'n toegewyde Hemelburger.

Wat kan (moet!) ons nou doen?


1. Vergewis uself van die werklike toedrag van sake; bid om die gawe van onderskeiding van die Heilige Gees.
2. Vergewis uself van u oorgawe aan u Verlosser - en wat die

doopbelofte aan Hom gemaak vir u beteken. Wat sou dit vir Hom beteken, in die lig van Prediker 5? (Beloftes wat gemaak is, maar nie uitgevoer word nie!)

3. Moet ons kinders die leerinhoude keur - of is dit ons ouerlike verantwoordelikhede (volgens die doopbelofte)?
4. Moet ons kinders (alleen) die Godlose bestel teenstaan, of moet ons as verbondsouers hulle daarin voorgaan?
5. Waar word kinders die lewenskuns (met -uitkyk en -styl) geleer met woord en voorbeeld, as dit nie in die ouerhuis gebeur nie?
6. Weet en getuig dat God u as ouer/grootouers, verantwoordelik gemaak het vir die begeleiding-na-volwassenheid-in-Christus, van elkeen van u kinders.
7. Ons, ouers, moet volledig buig onder die gesag van die hele Woord van God, en ons kinders in liefde lei om ons navolgers te wees "soos wat ons dit is van Christus".
8. Elke mens/saak wat oënskynlik of werklik poog om 'n verwydering te bewerk tussen ons, ons kinders en ons Drie-enige-God, is aan die kant van ons vyand. Daar is immers net twee kante, te wete die Lig en die duisternis.
9. Enige persoon/saak/ding wat gestel word as alternatief of as bykomend tot Jesus Christus se unieke soenverdienste en Koningsheerskappy, is elke gelowige se aardsvyand en moet teëgestaan en verwerp word.
10. Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense.

Pleidooi van die VCHO in 2003:

1. Sedert 1948 werk die VCHO vir die erkenning van die enigste

- ware wetenskapsbeoefening, te wete Christelike Vakwetenskap.
2. Wetenskap, as studie van die hele bestaande werklikheid, is deur God onder die mens se toesig gestel so vroeg as Genesis 1 en 2.
 3. Alles wat bestaan is geskep, en word onderhou, deur die Dri-enige-God! Die leuen van die evolusie-teorie het later hierdie feite probeer ontken.
 4. Om enige saak wetenskaplik te ondersoek, moet sekere sake vasgestel word, te wete: Waar kom dit vandaan? Waarom bestaan dit? Watter gebruike/nut het dit? Wat word uiteindelik daarvan? Hoe moet 'n mens verantwoordelik voor God daarmee omgaan, en so meer. Alleen die wetenskapbeoefening wat deur die geloofsantwoorde op hierdie vrae die Skeppergod erken, kan die naam wetenskap gebruik. Daar is baie valse/verskraalde beoefening van elemente uit die wetenskap.
 5. Die toelating - onder beperkende voorwaardes (!) - van enkele periodes vir Godsdienstebeoefening op skool het eintlik bloedweinig te maak met die kerstening van die leerinhoud vir elke afsonderlike vak. Dit is juis op hierdie terrein dat ons kinders volgeprop word van 'n ongehoofsverwysings-raamwerk waarvolgens hulle gedagtepatrone verslaaf word aan die humanisme. Leer sodanige optrede dan nie juis ons verbondskinders die leuen dat godsdienstebeoefening in 'n kompartementjie van die lewe beoefen word terwyl die res van die lewe eintlik God-loos en humanisties hanteer behoort te word nie?
 6. Watter element van die werklikheid wat ons in die wetenskappe bestudeer, is nie deur God geskape nie? En as ons die skeppingsgetuie van die Woord aanvaar, waarom skerp ons dit nie in elke vak vir ons kinders in nie?
 7. As die minister pront-uit verklaar dat die evolusieteorie en nie die Bybelse Skeppingsleer nie, die basis is van al die vakinhoud wat hy aan ons skoolgangers wil leer - en as ouers en voogde hierdie absurde humanistiese dwaling doodluiters laat voortwoeker in ons skole ... wat gebeur dan in werklikheid in ons onderwys?
- 7.1 Ons lewer ons kinders uit aan ongeloofsindoktrinasie met 'n kommunisties-humanistiese staatsideologie;
 - 7.2 Met 'n Christelike etos in die skool, plaas ons dan 'n bedrieglike valse gerustheid oor die heksebrousel en sus mekaar aan die slaap met mooi woorde van politieke korrektheid;
 - 7.3 Maar diep in ons harte het ons dan reeds die God wat ons bely en "dien", verloën en verraai (soos die volk in 1 Konings 18:21 gedoen het).
 - 7.4 Laat ons bid, en doen, soos Elia in 1 Konings 18:36-37. 

Kongresfotos



Prof. P.H. Stoker (0.Voorsitter) tydens die kongres

Linda Malan (10/5/1953 – 20/8/2003)

Ek was nog redelik nuut in die VCHO se diens (1994) toe ek op 'n dag 'n oproep uit Pretoria ontvang van een van ons lede. Dié dame wou my standpunte (en só die VCHO s'n!) oor 'n paar sake bepaal. Daardie dag se oop gesprek sou in die toekoms nog dikwels herhaal word, want daardie oproeper was Linda Malan.

Linda was baie gefrustreerd omdat baie mense gepraat het oor Christelike Onderwys terwyl hulle op geen wyse hulle hande uit hulle moue wou steek vir die saak nie. Uit die staan-spoor kon ek op haar nommer druk wanneer ek hulp nodig had in Pretoria. Dit het dan ook nie lank geneem nie, of Linda se hulp het die ontsaglike behoefte sowel as potensiaal van die Pretoria-Witwatersrandgebied aan die man gebring. So het dit gebeur dat sy die "voltyds-deeltydse" skakelpersoon van die VCHO in die Noorde geword het.

Linda het haar T.O.D met lof verwerf aan die Pretoriase Onderwyskollege, aan die einde van 1974. Sy het in dié studie oor drie jaar gespesialiseer in Skoolbiblioteekwese. In 1982 het sy aan UNISA haar H.O.D. (Pre-primêr) verwerf. Benewens haar bystand aan haar man ('n professionele man met 'n besige program!) het sy ook haar twee seuns sterk ondersteun. Die oudste het reeds afstudeer (in die syferwêreld) terwyl die jongste tans in sy vierde jaar van mediese studie staan. Dan het sy ook nog dinamies lewend ingeskakel by haar gemeente se werksaamhede.

Linda Malan het die gawe van innerlike gemotiveerdheid en dryfkrag van die Heilige Gees ontvang - sowel as 'n groot maat van onderskeiding van die geeste! Sy was begeesterd en honger om die belange van die

Hemelse Koninkryk te dien. Sy kon greeld met nuwe inligting na vore kom in die identifikasie van probleemvelde. Haar onvermoeide organisasievermoë en raakvatreëlins het sy altyd met die grootste beskeidenheid beoefen. Sodoende het sy 'n groot dormante veld weer begin ontsluit.



Linda het haar eie oortuigings teruggevind in die doel, grondslag en missie van die VCHO. Omdat haar arbeid vir haar 'n roepingsvervulling was, het sy meer winsgewende werksaanbiedinge van die hand gewys, soos wat sy gesê het: "Omdat ek glo dat ek is waar die Here vir my 'n geopende deur gemaak het."

Geen mens is onmisbaar nie. Die werk is die Here s'n, maar 'n arbeider soos Linda Malan word nie maklik vervang nie. Haar styl, inisiatief, selfgedrewe roepingsbesef en -uitlewing, het van Linda 'n baie waardevolle mede-werker van ons kantoor gemaak - al was sy ongeveer 500km van die kantoor af!

Linda, ons kollega en vriendin, het 'n vol lewe geleef. In haar 50 jaar het sy meer Koninkryksarbeid verrig as wat baie van ons in 'n lang leeftyd vermag. Haar skielike heengaan is vir elke lid van die VCHO 'n oproep en toetsvraag: "Waarmee vul ek my dag? Hoe dien ek die eer van God? Hoe bevorder ek Sy Koninkryk se belange ELKE DAG?" AL hierdie vrae sal ons verseker moet antwoord in rekenskap oor ons rentmeesterskap.

Dink aan die VCHO: Seminare, konferensies, kongresse, literatuurverspreiding, skakeling met organisasies en individue, navorsing en kennisverspreiding - en u sal die spore van Linda Malan daar vind, diep en sekuur.

Ons opregte deelneming aan haar man, seuns, moeder en ander familie. Mag die Here self Sy troos in hulle harte gee, soos die versoeking van Openbaring 14:12,13.

Ds C Bester

Hoof Uitvoerende Beampte

Linda Malan (nèe Roth)
(*10/05/1953 - +20/08/2003)

Selfgedrewe

Begeesterd

Honger vir die Koninkryk

Volhardend

Presies/Werkstrots

T.O.D. (Snr Primêr) met Lof

1 Jan 1975 (POK)

Spesialisering oor drie jaar

H.O.D. (Pre-primêr)

9 Mei 1983 (UNISA)

"Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooe van God nakom en in Jesus bly glo. Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: 'Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.' 'Ja,' sê die Gees, 'hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.'"

Opb 14:12-13





Tannie Aletta

DIE JONGSPAN

SLEUTELWOORDE IN DIE SKRIF:

VOLHARD

“Soek allereers na die koninkryk van God; soek na die wil van die Heer...” (Matt 6:33)

In hierdie wêreld waarin ons lewe is dit nodig dat ons elke dag na die wil van God (soek) vra sodat ons nie van die genade van God afvallig word nie. (Heb.12:15) Gaan na jou binnekamer en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie; wag met stille, nederige afwagting op die Here, want Hy wat sien wat verborge is, sal jou beloon. (Matt.6:6) Volhard in gebed (Rom 12:12)

Paulus skryf in 1Tim.6:11 “...Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid.” **VOLHARD** in die geloof al word dit ook soms nodig dat ons vir 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings – daardeur word die egtheid van ons geloof getoets (1Pet. 1:6,7).

Maats, **VOLHARD** in die **GELOOF**; **volhard** in **GEBED**; **volhard** in **TOEWYDING AAN GOD**; **volhard** in die **LIEFDE**.

VOLHARD in nederigheid daarin om julle te onderwerp aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. (1Pet.6-8)

VOLHARD daarin om die duiwel te weerstaan.

VOLHARD DAARIN OM DEUR JOU LEWE BEWYS TE LEWER DAT JY 'N KONINGSKIND IS – STREEF DAARNA!

Iets om te oor te dink

Lees 2 Tessalonisense 3:13 en - Hou jou gereedskap reg. God sal vir jou werk gee.

- C Kingsley

Hoeveel van ons wat vir ander mense bid is bereid om die instrument te wees waarmee God daardie gebed kan uitvoer?

- Billy Graham

WAT BETEKEN DIE WOORD VAN GOD, DIE BYBEL VIR MY

In die Bybel openbaar God Hom aan my as Skepper van die heelal en as Skepper van die mens:

“...wat U gedoen het vervul my met verwondering...” (Ps.139:14)

Deur sy Woord maak Hy Homself bekend as die Vader wat sorg vir sy kinders:

“...en my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien...” (Fil.4:19)

In die Bybel openbaar Hy sy wil:

“...dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad...” (1Petr.2:15)

In sy Woord belowe Hy krag vir die taak:

“...en my nuwe krag gegee...” (Ps.138:3)

Is dit nie wonderlik dat die Woord van God so véél kan doen nie. Daar is nog talle meer.


Bybelblok

Af:

- 1 Vlieënde soogdiere wat 'n mens net snags sien [Lev.13:19].
- 2 Grasiëuse wit watervoëls [Lev.13:18]
- 3 'n Welvarende klein hawestad in Klein-Asië, waar Paulus 'n gemeente gestig het.
- 6 'n Watervoël met langbene wat paddas eet [Lev.11:19].
- 7 'n Profeet en die 30ste boek van die Bybel.

Dwars:

- 1 Roofvoëls wat naby water hou en van vis leef [Lev.11:13].
- 4 Onrein roofvoëls [Lev.11:16].
- 5 'n Koningin en die 17e boek van die Bybel.
- 8 Een van Dawid se helde [2 Sam.23:29].
- 9 Inwoner van 3 af.
- 10 Job het in hierdie stad gewoon



Dagsê Maats,

Die helfte van die jaar is verby - hoe vinnig gaan die tyd verby! Maat, kan jy van die wêreld by die skool 'n beter plek maak as wat jy dit gevind het? Hoe sou jy dit kon doen? **Hier is een manier wat jy kan toepas as jy die volgende mense se voorbeeld volg – vir hulle was die wêreld 'n beter plek omdat:**

Dawid geweier het om te sê: “Ek veg nie teen reuse nie.”

Jeremia geweier het om te sê: “Ek is nie die soort wat huil nie.”

Petrus geweier het om te sê: “Ek bearbei nie heidene nie.”

Paulus geweier het om te sê: “ Ek skryf nie briewe nie.”

Maria geweier het om te sê: “Ek glo nie in maagdelike geboortes nie.”

JESUS GEWEIER HET OM TE SÊ: “EK STERF NIE AAN DIE KRUIS NIE.”

Weet jy, dat jy ook van die wêreld by jou skool 'n beter plek kan maak – al is jy jonk en jy voel dalk daar is min wat jy kan doen - as jy gewillig en bereid is om met oortuiging te sê: **“Ek weier om nie ons Heiland te dien nie.”**

OM TE WEES

'n Dogtertjie het baie hard probeer om goed te doen, maar haar pogings is nie juis met sukses bekroon nie. Toe sy eendag hieroor kla, sê 'n vriend vir haar: “God gee ons baie dinge om te doen, maar dink jy nie Hy gee ons ook iets om te wees nie?”

“Ag vertel my tog wat dit beteken om te wees,” het sy gesê. “As u my sal help, sal ek nadink oor ‘om te wees’.”

Die vriend antwoord – God sê:

Wees vriendelik en liefderyk jeens mekaar.

Wees ook geduldig.

Wees dankbaar.

Wees nie baie geheg aan die wêreld nie.

Wees ook nederig.

Wees nie hoogmoedig nie.

Wees aan Jesus gehoorsaam.

Die dogtertjie sê: “Ek sien nou *om te doen* groei uit *om te wees*.”

WIE IS ONS LEDE?

Die Vereniging het 'n behoefte geïdentifiseer om duideliker te weet wie is lede van die Vereniging. Ten einde meer effektief te voorsien in lede se behoeftes, is dit noodsaaklik om 'n profiel van die ledetal te bekom. Met die oog hierop wil die kantoor die inligting op die databasis meer verfyn. 'n Verfynde databasis sal die Vereniging onder andere in staat stel om in die samestelling van die

Roeping en Riglyne die ouderdomskategorieë van lede wat die termynblad lees, in ag te neem. Daar kan dan ook byvoorbeeld met spesifieke lede-kategorieë (soos alle pensionarisse of alle onderwysgerigte beroepe) gekommunikeer word.

Vir hierdie grootse poging het ons elke lid se hulp nodig. U kan 'n verskil maak deur minder as drie minute van u kosbare tyd af te staan

en die volgende inligtingstuk te voltooi. By voorbaat baie dankie vir u goeie gesindheid hieromtrent!

Voltooi a.u.b die volgende inligtingstuk so volledig as moontlik. In gevalle waar daar 'n keuse gemaak moet word, dui die antwoord aan wat op u van toepassing is. *Skeur dan hierdie blad uit en pos so gou moontlik terug aan die Vereniging.*

LIDNOMMER:
NAAM:.....
GEBORTE DATUM (jj/mm/dd):/...../.....
GESLAG: Vroulik: Manlik:
BEROEP:
Predikant:
Onderwys:.....
Sakeman/vrou:
Skolier/Student:
Pensionaris:
Ander:
Spesifiseer "Ander":.....
Ek verkies om *Roeping en Riglyne* soos volg te ontvang:
Per pos: Elektronies:.....
Ek verkies om maandrekening as volg te ontvang:
Per pos: Elektronies:.....

BAIE DANKIE VIR U HULP. DIT WORD HOOG OP PRYS GESTEL!

L.W. Die eerste tien persone se inligtingsvorme wat ontvang word, ontvang elk VCHO-uitdeeltuk nr 1: Voorbereidende lewensopvoeding in die Gesin - prof H J Strauss.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

**ROEPING
EN
RIGLYNE**

REDAKTEUR: Ds C Bester
REDAKSIEKOMITEE: Prof O A Henning (Voorsitter Publikasiekomitee), Prof A W G Raath, Prof D F M Strauss



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A W G Raath (Bloemfontein, Voor-sitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof P H Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr I H Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr H G Stoker (Pretoria), Prof. E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), Ds F J van der Merwe (Koster), Dr J A E Adendorff (Germiston).

Hoof Uitvoerende Beampte:
Uitvoerende Beampte: Mnr. H.J. Hayes